om teen die groot invoer op te weeg. Tereg het Cradock dus gemeen dat die enigste gesonde weg in die rigting van 'n vermindering van die papiergeld gelê het, en hy was van oordeel dat die Engelse regering deur die kapitulasie-voorwaardes verplig was om langs dié weg die riksdaler op sy oorspronklike waarde terug te bring. Hy was dan ook van plan om jaar na jaar 'n deel van die papiergeld, wat in die staatskas gevloei het, te vernietig. Ongelukkig het hy eers kort voor sy vertrek tot hierdie besluit gekom, en van sy sogenaamde „annihilation policy" het niks geword nie. Of dit ook werklik uitvoerbaar was, is natuurlik 'n ander vraag; maar van belang is dat Cradock erken het, dat die finansiële toekoms van die Kaap sorgwekkend was.

Dis 'n interessante sameloop van omstandighede dat gelyktydig met die ewe-behandelde ontwikkeling, die uitvloeisels waarvan selfs vir die grensboer langsamerhand in sy bestaan nadelig sou affekteer, ook 'n ander ekonomiese rigting, wat veral vir die veeboer op die lange duur hoogs onaangenaam sou word, sy begin gehad en sy gang gegaan het. Ons dink hier aan die proklamasie van sir John Cradock van 6 Augustus 1813, wat 'n nuwe vorm van grondbesit in Suid-Afrika ingevoer het. Dit was aan hom oorgelaat om die planne van De Mist en Collins te verwesenlik en aan die verdere uitgee van leningsplase 'n end te maak. In die plek van die ou los stelsel, wat die veeboer in staat gestel het om betreklik maklik en goedkoop weigrond in besit te kry, is nou die Engelse instelling van *quitrent farms* ingevoer. Nuwe plase sou voortaan nie meer vir één jaar nie, maar onder 'n ewigdurende erfpag uitgegee word, en die besitters van leningsplase sou die opsie hê om onder die nuwe sisteem in te kom en so hulle besitreg te verseker. Hulle grond sou dan vir hulle duurder word, want om transport te kry moes hulle hul plase behoorlik laat opmeet en registreer en buitendien was die jaarlikse pag, wat volgens die waarde en ligging van elke plaas bereken moes word, veel hoër as die ou rekogniesiegeld. Cradock het egter verwag dat die boere die groot voordele van die nuwe sisteem so hoog sou skat, dat baie leningsplase gou in erfpagplase verander sou word. Hy het hom hierby vergis. In sy tyd het byna al dié boere wat teen 24 rds. per jaar en sonder verdere koste tog 'n feitlike besitreg op 'n plaas had, onder die ou sisteem gebly. Hulle kinders sou die knyp eers werklik voel, want as hulle groot genoeg was om self te boer, dan sou hulle nie meer op die ou gemoedelike manier 'n leningsplaas kon gaan uitsoek en afry nie, want nuwe leningsplase was nie meer verkrygbaar nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Ons het hier ongetwyfeld met 'n groot verbetering te doen. Dertig jaar na die eerste botsing met die Bantoe op die oosgrens, toe die uitbreiding in dié rigting sy limiete gekry het, het die stelsel van leningsplase g'n reg van bestaan meer gehad nie. Nes in die ou gevestigde dele van die Boland 'n vaste vorm van grondbesit, nl. die eiendomsplaas, onontbeerlik was, so ook moes daar nou langsamerhand in die binneland, waar die ruimte vir rondtrek hoe langer hoe meer beperk sou word, 'n nuwe grondstelsel ingevoer word wat vir meer intensiewe kolonisasie geskik sou wees; en ons mag hier sê dat die intensivering van die binnelandse boerdery dan ook werklik op die basis van die erfpagplaas begin het. Dit is trouens vandag nog die oorheersende vorm van grondbesit in Suid-Afrika. Ons moet egter nie uit die oog verloor nie dat Cradock se wysiging van die ou geërfde voorwaardes by die uitgee van nuwe plase die toekoms van die veeboere sterk moes beïnvloed. Hoe langer hoe meer sou hulle voel hoeveel moeiliker en duurder dit geword het om nuwe plase te kry, en ons kan ons voorstel dat daar sê twintig jare later, kort voor die Groot Trek, baie boere op die oosgrens moes gewees het wat onder die proklamasie van 1813 heelwat meer moeite had om plase te kry.

Hoe goed die Kaapse mark dus ook geword het, daar was langsaam-werkende faktore wat die ekonomiese bestaan van die koloniste op 'n onaangename manier beïnvloed het, en agter hierdie faktore was reeds in die jare 1806 tot 1814 'n rigting aanwesig wat dit ook op ander gebiede sou doen. Onder die klein klompie Engelse wat na 1806 na die Kaap gekom het om veral as handelaars 'n bestaan te probeer maak, was 'n paar skreeuers wat uit eie belang en rasvooroordeel heftige beledigings teen die ou gevestigde bevolking geslinger het. Ons dink hier nie aan die filantrope nie; hulle invloed was na 1812 vir 'n hele aantal jare geknak; maar daar was ook ongelukkig ander mense in Suid-Afrika wat openlik teen die boere en hulle gewaarborgde voorregte en instellings geagiteer het.

'n Interessante voorbok onder hulle was die hooggeleerde en seereerwaarde geestelike leidsman, dr. Laurence Halloran! Hy het die pos van militêre kapelaan by die garnisoen gehad, maar so brutaal was hy selfs teenoor die hoogste gesagvoerders aan die Kaap, dat hy in 1810 sy bedanking moes instuur. Daarop het hy 'n gemene kampanjie van anonieme lasterskrifte op tou gesit, veral teen generaal Grey, die militêre bevelvoerder, en Alexander, die koloniale sekretaris, en hoe hy ook al gespook het dat „a junta of Dutchmen" met hulle minderwaardige wette die reg sou hê om 'n oordeel oor hom te vel, is hy deur die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hoë Geregshof uit die land verban. In Engeland aangekom, het hy sy agitasie teen die Kaapse regering en die Hollandse instellings en wette voortgesit, maar sy mond was weldra gesnoer, want uit 'n ondersoek het geblyk dat sy ordeningsertifikaat as predikant 'n vervalsing was. Hy was dus 'n oneerlike skurk, en dit verwonder ons nie om te verneem dat hy in 1818 vir bedrog na Australië gedeporteer is nie.

Dit was natuurlik 'n goeie teken dat mense van Halloran se soort hulle verdiende straf gekry het. Minder gerusstellend was dit egter dat sommige van die opienies wat hy op so 'n beledigende manier, en tot sy eie skade, verkondig het, eintlik die ondersteuning gehad het van dié gesagvoerders aan die Kaap, wat hy teen hom in die harnas geja het. Manne soos Caledon, Alexander en Cradock was dit met hom eens dat die Kaap uiteindelik tog 'n egte Engelse kolonie met 'n oorweënd Engelse bevolking en met Engelse wette en instellings moes word. Ook vir hulle was die kapitulasie-voorwaardes slegs beloftes van verbygaande betekenis, want selfs Cradock het die dag tegemoet gesien wanneer, as gevolg van anglisasie en immigrasie, die ou bevolking sy bevoorregte posiesie sou kwyt wees.

Dit blyk o.a. uit sy behandeling van die volgende twee sake: 'n Aantal Anglomanne, waaronder ook hooggeplaaste mense soos Van Ryneveld en Truter was, het hom genader met 'n versoek om sy steun te verleen aan 'n plan wat hulle ontwerp het om 'n groot aantal Oranjegesinde Hollanders na Suid-Afrika te laat uitkom. Hulle het daarop gewys dat dié mense nie meer in die rewolusionêre Nederland gelukkig was nie en dus maklik kon beweeg word om na Suid-Afrika te emigreer waar hulle taal en tradiesies veilig was. Cradock was beslis teen hierdie plan, en in 'n brief daaroor aan die Engelse minister het hy hom sterk uitgelaat oor die onwenslikheid om iets te doen wat die bestaande Hollandse oorgewig aan die Kaap kon bestendig. Hy was inteendeel van oordeel dat maatreëls noodsaaklik was om dié „preponderance" na die Engelse kant te laat oorslaan. Dieselfde gees vind ons dan ook in 'n brief van hom aan 'n sekere Turr wat tot hoof van die Latynse skool in Kaapstad aangestel is. Die goewerneur stel die eis dat Engels baie deeglik onderwys moet word; hy waarsku dat daar vir niemand in die staatsdiens plek sal wees wat nie goed Engels ken nie; en hy laat deurskemer dat die Engelse taal weldra in die administrasie die hoofrol sal speel.

Ook op geestelike gebied was daar dus vir die Hollandssprekende koloniste gevare aan die opkom, maar meer selfs nog as in die geval van die ekonomiese gevare, het hulle in die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

toekoms gelê. In die tussentyd het die geestelike ontwikkeling sy ongestoorde gang gegaan. Die onderwys op die dorpe en op die platteland was soos in die skooldae van Borcherds. Op die ou bestaande basis is ook van tyd tot tyd nuwe gemeentes gestig: Georg (1813) en Caledon (1811).

Die Koloniste kon oor die algemeen baie tevrede wees met die regering in hierdie tyd. Hulle instellings en gewaarborgde voorregte is onaangetas gelaat. 'n Kragtige naturelle-politiek het die Hottentot-kwessie opgelos en voorlopig ook aan die Kaffergevaar 'n end gemaak. Beter tye het aangebreek, en die land het vooruitgegaan. Die administrasie was suiwer en energiek. Baie verbeterings is ingevoer. Deur die lê van pype langs die strate is Kaapstad op 'n beter manier van water voorsien. Vroeër moes die stadsmense hulle met putte behelp. Die Heregrag en die Keisersgrag (Adderley- en Darlingstrate) is met olielampe verlig. Die vermeerdering van kerke en administratiewe sentra op die platteland was 'n groot gerief vir die boere. In die praktyk het die leuse van De Mist, nl. dat die regering in die eerste plek die belange van die koloniste moes nastreef, dus nog gegeld, en ons kan dan ook enigsins begryp, waarom daar in 1814 algemene tevredenheid aan die Kaap geheers het, en waarom Cradock by sy vertrek, die treurende heilwense van die hele bevolking met hom saamgeneem het. Onder die volgende goewerneur, lord Charles Somerset, sou 'n minder vriendskaplike houding tussen regering en koloniste tot stand kom, maar voordat ons die storie van sy beleid uiteensit, moet ons weer ons verhaal onderbreek om verder op die hoogte te bly van oorsese gebeurtenisse wat ook vir ons engere Suidafrikaanse geskiedenis van groot betekenis geword het. Ja, sonder so 'n wyer blik sal dit onmoontlik wees om Somerset se regeringstyd reg te verstaan en juis te beoordeel.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

HOOFSTUK VI.

ENGELAND EN EUROPA NA DIE NAPOLEONTIESE OORLOË.

§ 1. Die Industriële Omwenteling.

Om die toestand van Engeland na die Napoleontiese oorloë te begryp, is dit nodig om te weet dat Engeland nog vóór die Franse Rewolusie ook 'n omwenteling begin ondergaan het, wat in sy gevolge van nog meer betekenis was as die groot rewolusionêre beweging wat in Frankryk sy oorsprong gehad het. Napoleon het op 'n veragtelike wyse van die Engelse as „'n nasie van winkeliers" gepraat. Hy het hiermee 'n groot fout begaan en 'n fout wat hom duur te staan gekom het, want juis die feit dat die Engelse teen die end van die 18e eeu nie meer, wat hulle verhouding tot ander volke betref, slegs 'n handelsvolk was nie, het sy val teweeggebring.

Van ongeveer die tyd van koningin Elisabeth tot die middel van die 18e eeu het daar geen wesentlike verandering in die grondslag van Engeland se welvaart gekom nie. Deur landbou en veeteelt het die Engelse in hulle eie behoeftes voorsien en kon hulle ook nog koring en wol eksporteer. England was nog in die eerste plek 'n land van boere wat volgens ou oorgelewerde gewoontes die landboubedryf beoefen het. Die drie-velde-sisteem was b.v. nog algemeen. Die boere het nl. slegs om die drie jaar 'n stuk grond vir saaidoeleindes gebruik. Ook die ou Germaanse instelling van groot gemene weigronde by iedere dorp was nog die reël en het die klein grondbesitter of pagter in staat gestel om 'n bestaan te maak. Ook die verkeersmiddels was baie primitief. Die weë was so sleg dat pakperde nog meer as waens vir transport gebruik is, en reisigers kon te eniger tyd verwag om deur rowers aangeval te word. Naas die adellike grootgrondbesitters en welvarende vry boere (yeomen) was daar egter ook 'n aansienlike inheemse handelselement, wat hulle natuurlik veral in die groot kusstede gevestig het, en wie se kommersiële ondernemings grootliks tot die rykdom van die land en die krag van die Britse vloot bygedra het. Inheemse landbou en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

oorsese handel — daar het ons die twee pilare van die Britse ekonomiese lewe tot in die eerste helfte van die 18e eeu. Sonder industrieë was Engeland natuurlik nie; die skeepsbou b.v. was 'n groot nywerheid, en veral in die suide (Sussex) waar ystererts en groot bosse naby mekaar aangetref kon word, het die ysterindustrie taamlike vooruitgang gemaak; maar fabrieke in die hedendaagse betekenis van die woord was nog onbekend, en veral die tekstielnywerhede (spin en weef) was nog huislike bedrywe. Met 'n spinwiel wat deur die voet beweeg moes word en waarby die hand die spinklossie moes draai, het die vrou of dogter van boer of dorpenaar wol of katoen in drade gespin, en die wewers het met ewe primitiewe toestelle in hulle eie huise dan daarvan geweefde stowwe gemaak.

Die Engeland van Shakespeare en Milton was op die gebied van landbou en industrie nog vir 'n groot gedeelte onveranderd gebly tot in die eerste helfte van die agtiende eeu, maar vóór die uitbreking van die Franse Rewolusie het 'n reeks van verbeterings en uitvindsels dié belangrike ekonomiese omwenteling, wat as die Industriële Rewolusie bekend is, ingelei. Die eerste opvallende veranderings was van landboukundige aard. Manne soos Townshend het die boere gewys dat rape op koringgrond geplant kon word, en dat dit dus onnodig was om 'n stoppelland vir twee jaar ongebruik te laat lê. So is die wisselbou langsamerhand in Engeland ingevoer, en die vermeerderde produksie wat daaruit gevloei het, is verder deur beter dreinering en bemesting bevorder. Van veel betekenis was ook die reeks van omheiningswette wat gedurende die agtiende eeu die hele landelike lewe in Engeland ingrypend verander het. Kapitaalkragtige grondbesitters is daardeur in staat gestel om gemeentelike gronde op te koop en af te sluit. Die klein boertjies het wel hieronder gely en baie van hulle moes arbeiders word, maar die nuutomheinde lande het veel meer as vroeër opgebring. Die hele boerdery is met 'n nuwe gees besiel, en deur die aanplant van goeie grassoorte en ander veevoer en deur kruising is ook die veestapel vermeerder en verbeter. Die Engelse landbou kon dus 'n veel groter bevolking van kos voorsien, en dit was dringend noodsaaklik, want juis in hierdie tyd het die bevolking van Engeland en Wallis vinnig toegeneem, van ± 5,000,000 in 1700 en ± 6,000,000 in 1750 tot ± 9,000,000 in 1800, en 'n aansienlike persentasie het van die land na die stede verhuis. So kom ons dan tot die eintlike Industriële Rewolusie, want die trek van groot massa's na digter-bewoonde sentrums was 'n belangrike gevolg daarvan.

Die Industriële Omwenteling val in verskillende dele:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Eerstens het ons die reeks van uitvindsels wat die tekstielnywerheid (spin en weef) in Engeland binne twee geslagte uit die grond uit verander en tot 'n baie belangrike bron van nasionale rykdom gemaak het. Twedens vind ons dat die gebruik van steenkool en yster op 'n ongekende skaal toeneem, en dat 'n nuwe tydperk van yster- en staalmasjiene en werktuie aanbreek. Nou verwant hiermee is dan die aanwending van stoomkrag om masjiene te drywe en die verbetering van die werkersmiddels.

Met Kay se skietspoel van 1738 begin die reeks van meganiese verbeterings in die tekstiel-nywerheid. Hierdie uitvindsel het 'n wewer in staat gestel om tweemaal so vinnig as voorheen sy werk te doen. Die gevolg was dat die spinners, wat die wewers van draad moes voorsien, nie meer kon voorbly nie; maar aan hierdie toestand het Hargreaves met 'n nuwe spinmasjien (die Spinning Jenny van 1767) 'n end gemaak, want nou kon 'n spinner 'n honderd klossies gelyk werk, en meer draad is geproduseer as wat die wewers kon verwerk. Hargreaves se bure was hom nie dankbaar nie. Hulle het sy masjien gebreek, en hy moes vlug vir sy lewe, maar die menslike vernuf laat hom nie so van die weg van vooruitgang afskrik nie, en in 1769 het Arkwright aangetoon hoe waterkrag kan aangewend word om 'n spinmasjien te drywe. Ook sy uitvindsel is deur 'n saamloop van spinners vernietig. Tien jaar later egter het 'n arm wewer die idees van Hargreaves en Arkwright in één masjien, die sogenaamde *„esel,"* verenig. Ook hy moes sy uitvindsel wegsteek, en een gevolg hiervan was dat 'n aantal ryk fabrikante misbruik van sy armoede en ongeleentheid gemaak en hom slegs £67 betaal het vir sy uitvindsel wat duisende ponde in hulle sakke gebring het.

Nou was daar 'n groot oorproduksie van draad en baie spinners was sonder werk. 'n Predikant, Cartwright, het in 1785 hulle tegemoet gekom deur 'n weefmasjien te patenteer wat deur waterkrag (later stoomkrag) kon gewerk word. Die weefproses is daardeur so versnel, dat al die „esels" aan die gang kon bly, en die produksie van geweefde stowwe het so vinnig toegeneem dat die katoenvoorraad skaars geword het. In 1775 het die Engelse fabrikante omtrent vyf miljoen pond (gewig) katoen gebruik; in 1786 was dit twintig miljoen pond. Driekwart hiervan is uit die Wesindiese Eilande, waar daar groot katoenplantasies was, ingevoer, en die res veral uit Egipte. Uit die Verenigde State van Noord-Amerika is slegs 'n onbeduidende hoeveelheid verkry, b.v. in 1792 ongeveer 150,000 pond (gewig). Die grond en klimaat van die suidelike state was

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

egter besonder geskik vir katoenbou, en na 1792 het katoen binne enkele jare die belangrikste Amerikaanse uitvoerartiekel geword. In 1800 b.v., is agtien miljoen pond (gewig) uitgevoer. Eén gevolg hiervan was dat die Engelse fabrikante genoeg katoen gekry het om hulle industrie uit te brei, en 'n ander was die toenemende betekenis van slawe-arbeid in die suidelike Amerikaanse state. Tydens die vryheidsoorlog het die Amerikaners ernstig daaraan gedink om die slawe vry te maak, maar nou wou die plantasiebesitters niks meer daarvan hoor nie, want vir die katoenbou het hulle goedkoop slawe-arbeid nodig gehad. Die vermeerderde katoenproduksie hang ook saam met 'n belangrike uitvindsel van 'n Amerikaner, die „Cotton gin'' van Eli Whitney. Hy was 'n goed-opgeleide onderwyser, en hy het sy aandag aan die skoonmaak van katoen gegee. Die harde saadkorreltjies moes met die hand van die vesels verwyder word, en dit was 'n langsame proses. Whitney se masjien, waarin die katoenvesels met tandratte deur sifdraad getrek is, en wat met perdekrag gedryf kon word, het hierdie probleem opgelos, want nou kon één man met 'n perd meer katoen skoonmaak as wat driehonderd mense vroeër in dieselfde tyd kon doen.

Hand aan hand met hierdie vervanging van handearbeid deur masjiene vind ons in Engeland 'n toenemende gebruik van yster en steenkool. Om yster vir suiwering en bewerking in 'n vloeibare vorm uit die erts te kry, is 'n baie hoë temperatuur nodig, en sedert voorhistoriese tye het die volke van die ou wêrelddele (ook die Neërs en Kaffers van Afrika!) dié hoë temperatuur verkry deur gloeiende houtskool met blaasbalke te verhit. Die eerste primitiewe prosedure wat nog onder barbaarse volke kan aangetref word, is van tyd tot tyd verbeter, maar die grondslag, nl. verhitting deur houtskool, het dieselfde gebly, en om dié rede, soos ons reeds verneem het, is die yster-industrie tot die suide van Engeland beperk. Teen die middel van die agtiende eeu egter het Smeaton en ander vakmanne die moeilikhede wat die gebruik van steenkool by die ystersmeltery en staalbereiding onmoontlik gemaak het, oorkom, en dié dele van Engeland, Wallis en Skotland waar yster en steenkool naby mekaar verkrygbaar was, het dadelik 'n nuwe ekonomiese betekenis gekry.

Vóór die end van die eeu was die hele aanskyn van Wallis, die middelland en noordwestelike distrikte van Engeland en Suid-Skotland verander. 'n Nuwe „swart wêreld'' het hier ontstaan, en 'n groot bevolkingsverskuiwing het hierheen plaasgevind. Fabriekstede soos Glasgow, Manchester, Birmingham, Sheffield, Leeds, Stafford en Bradford, het hulle groei aan die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Industriële Omwenteling te danke gehad, en ook vir Liverpool en ander hawestede het 'n nuwe uitbreidingstyd aangebreek.

Die groot sleutel tot die industriële ontwikkeling van Engeland in hierdie tyd het ons egter nog nie genoem nie. Dit was *stoom*. James Watt van Glasgow het op hierdie gebied onsterflike roem behaal. Die krag van stoom was reeds vóór sy tyd bekend, en lomp stoommasjiene wat water uit myne gepomp het, kon aan die begin van die agtiende eeu aangetref word. Watt se verdienste bestaan egter hierin dat sy stoommasjien, die model waarvan in 1765 klaar was, op 'n praktiese en ekonomiese manier die probleem opgelos het om stoom as stukrag by masjienerie aan te wend. Sy verbinding met Matthew Boulton, 'n groot fabrikant, het hom in staat gestel om die bruikbaarheid van sy model te bewys, en so skitterend was die uitslag, dat die een fabriek na die ander stoomkrag ingevoer het. Saag- en koringmeules, suikerraffynerye, tekstielfabrieke, ens., is deur stoom gedrywe en dit was slegs 'n kwessie van tyd dat dit ook vir transportdoeleindes sou aangewend word.

Die verbetering van verkeerswee en transportmiddels was 'n baie belangrike onderdeel van die Industriële Omwenteling. Gedurende die agtiende eeu is die ou bestaande gebruik om deur tolhekke geld in te samel vir die instandhou van wee, uitgebrei, maar werklik groot verbetering op hierdie gebied is eers na 1800 ingevoer, toe twee beroemde Skotse padmakers, Telford en Macadam, die mense in Engeland en Skotland geleer het dat dit beter is om 'n pad *om* as *oor* 'n heuwel te maak, en dat gruis van die regte kwaliteit, behoorlik fyn gemaak en vasgestamp, die koste en moeite daaraan bestee ruim vergoed. Vinniger het dit met die verbetering van die Engelse waterwee gegaan. Dis vreemd dat Engeland tot in die middel van die agtiende eeu vrywel sonder kanale was. Frankryk was in hierdie opsig vir die eilandryk ver voor, en die kruisnet van kanale in die vry provinsies rondom die Suider-See het reeds in die sewentiende eeu en nog vroeër die Nederlanders in staat gestel om hulle binnelandse transport goedkoop en maklik te maak. Kort na 1750 het die Engelse egter wakker geskrik. Die hertog van Bridgewater het 'n koolmyn sewe myl van Manchester gehad, en omdat die vervoerkoste te groot was, kon hy nie veel daaruit maak nie. James Brindley, 'n ongeletterde meulopsigter in sy diens, het onderneem om 'n kanaal van die koolmyn na Manchester te maak, en nieteenstaande die gespot van opgeleide ingenieurs het hy sy plan deurgesit, en was die Bridgewaterkanaal, wat met tonnels deur heuwels en op verhoogde waterleidings oor laagtes gegaan het, in 1761 klaar. Ander on-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dernemings van dieselfde soort en dikwels vir dieselfde doel, nl. om steenkool na fabrieke te bring, het gou gevolg, en vanaf 1770 het daar 'n ware kanaalkoors in Engeland geheers. Brindley alleen het 350 myle van kanale uitgelê.

Al wat nog moes kom om hierdie wonderlike ekonomiese ontwikkeling af te sluit en tegelykertyd vir groter moontlikhede oop te maak, was die toepassing van stoomkrag op transport. Ook hier het die toenemende eise van die industriële lewe verbetering noodsaaklik gemaak. Die kanale, hoe nuttig hulle ook was, kon die groeiende verkeersvraagstuk natuurlik slegs gedeeltelik oplos. Soos ons reeds gehoor het, was Telford en Macadam besig om die paaie te verbeter, maar dit was ook nie genoeg nie, en gelyktydig met hulle het verskillende vindingryke breine probeer om die stoommasjien vir die vervoer bruikbaar te maak. In 1811 het Fulton die eerste stoomboot op die Hudsonrivier naby Nu-York laat vaar, en in die volgende jaar was daar ook een van Bell, 'n Engelse ingenieur, op die Clyde. Veel groter was die verdienste van George Stephenson, die seun van 'n arm Noord-Engelse mynwerker. Vir die vervoer van steenkool was spoorlyne reeds geruime tyd in gebruik, maar die waens is deur perde getrek. In 1816 was Stephenson se eerste lokomotief, „Puffing Billy," klaar om die perd by hierdie werk te vervang. In 1825 is onder Stephenson se toesig 'n treindiens vir vrag en passasiers tussen Stockton en Darlington ingerig, en die nuwe lokomotief kon negentig ton teen ag myl 'n uur trek. Sy grootste triomf het Stephenson bereik toe hom gevra is om 'n spoor tussen Manchester en Liverpool te bou. In 1829 was die werk klaar asook die „Rocket," 'n verdere verbetering op „Puffing Billy," wat tot vyf-en-dertig myl per uur in staat was.

Die volgende syfers gee ons 'n indruk van die ekonomiese opbloei van Engeland as gevolg van die Industriële Omwenteling. In 1720 was die waarde van sy uitvoer £7,000,000, in 1760 £14,700,000, in 1800 £34,400,000 en in 1815 byna £59,000,000, en as ons die invoersyfers vir dieselfde jare, nl. £6,000,000, £10,000,000, £28,250,000 en £33,000,000, met die uitvoer vergelyk, dan is aan die een kant duidelik hoe sterk die koopkrag van die Engelse volk geword het, en kan ons aan die ander kant sien watter groot profyte daar vir die Engelse fabrikante en handelaars uit die buiteland gevloei het. Hierdie syfers verklaar ook hoe Engeland sy nasionale staatskuld, wat in 1760 op £130,000,000 en in 1783 op £250,000,000 gestaan het, gedurende die Napoleontiese oorloë met £600,000,000 kon vermeerder en tog welvarend bly. Dit was die nuwe industriële

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ontwikkeling in al sy vertakkings en met al sy uitvlocisels wat die lang stryd teen Napoleon moontlik gemaak het, en, reg beskou, het Watt meer tot sy val bygedra as Wellington.

§ 2. Ellende en Reaksie in Engeland.

In 1815 was Engeland op industriële gebied die res van die wêreld ver voor, maar oorloë bring altyd 'n nasleep van ellende, en industriële vooruitgang eis sy offers. Die vooruitsigte was nie gunstig nie. Die vredesjare het die Europese lande die kans gegee om ook hulle industrieë te ontwikkel, en die Engelse afsetmoontlikhede is daardeur verminder. As gevolg van die omheiningsbeweging en die aantrekkingskrag van die nuwe industriële sentra, het baie klein boertjies en pagters die platteland verlaat, maar hulle het nie altyd hulle toestand verbeter nie. Veral na die terugkeer van die afgedankte soldate en matrose was daar 'n groot aantal werkloses, en hulle teenwoordigheid het die onrus en ontevredenheid onder die fabriek- en mynarbeiders vermeerder. Vóór die Industriële Rewolusie was daar 'n band van persoonlike gehegtheid tussen die baas en die betreklike klein groepie helpers met wie hy sy bedryf beoefen het, maar vir die oprig van 'n fabriek met die kosbare masjiene daarin was veel geld nodig, en die fabriekbase was nou groot kapitalistiese ondernemers, wat veel minder persoonlik en direk met hulle arbeiders in aanraking gekom het. Die bestaande wette vir die bestryding van armoede, wat uit die tyd van koningin Elisabeth gedateer het, en waarvolgens elke dorp (parish) sy eie werkloses in armhuise moes versorg, was nie meer toereikend nie. Die laer klasse in die nuwe stede is grotendeels aan hulle lot oorgelaat. Opgehoop in slegte wonings, kamertjies en kelders, het baie 'n ellendige en demoraliserende bestaan gevoer. Ook die werkplekke was dikwels onhigiënies, en die lang werkure (tot sestien uur per dag!), wat selfs van vroue en kinders in fabrieke en myne geëis is, en die duurte waarvan slegs van die baas se wil afhanklik was, het meegewerk om die gesondheid van die arbeidende klasse te ondermyn.

By dit alles het dan nog gekom dat die prys van brood buitensporig hoog geword het. Tot omstreeks 1773 het Engeland nog koring uitgevoer, maar daarna was die inheemse produksie self nie meer voldoende vir eie gebruik nie. 'n Engelse parlementêre kommissie het bereken dat Engeland tussen 1782 en 1811 vir byna £59,000,000 koring ingevoer het. Die prys het tegelykertyd gedurig gestyg; teen 1750 was dit onge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

veer £1 13/- per „quarter'' (560 pond) en teen die end van die Napoleontiese oorloë ongeveer £4 10/- per „quarter.'' As gevolg van hierdie hoë prys is egter steeds meer vreemde koring ingevoer, en in 1815 was die Engelse boere baie besorg hieroor. Die parlement, waarin die groot grondbesitters sterk verteenwoordig was, het daarop 'n koringwet gemaak, waarvolgens die invoer van koring belet sou wees, as die prys van koring in Engeland minder as £4 per „quarter'' word. In belang van die landelike aristokrasie en die boere is dus die lewenskoste van die industriële bevolking hoog gehou, en die stryd tussen die sogenaamde „vryhandelaars'' en „proteksioniste'' het begin. Aan die een kant was die kapitaliste handelaars en myn- en fabrieksbase met hulle arbeiders, wat teen invoerbelastings was; aan die ander kant die grondbesitters, wat die boerebedryf teen vreemde konkurensie wou beskerm. Voorlopig het die laasgenoemde nog die meerderheid in die parlement gehad, omdat die verouderde kiesstelsel op grondbesit gebaseer was, maar 'n geroep om 'n verandering van die kieswette, wat later onweerstaanbaar sou word, het begin opgaan.

Uit die algemene gisting, wat uit finansiële depressie, oorproduksie van fabrieksware, werkloosheid, sosiale wantoestande en rewolusionêre propaganda (die naklank van die Franse Omwenteling!) ontstaan het, sou nog veel goeds gebore word, maar vir die geslag wat die val van Napoleon met uitbundige gejuig begroet het, was die vredestyd, waarvan so veel verwag was, 'n bitter teleurstelling. Die ontevrede elemente het leiers gekry. Cobbett, 'n joernalis aan wie ons veel verskuldig is, omdat hy en 'n drukker, Hansard, met die gereëlde publikasie van die Engelse parlementêre debatte 'n begin gemaak het, het heftige pamflette teen die groot grondbesitters gerig en vir die politieke mondig-verklaring van die massas ingetree. Hunt, 'n welsprekende demagoog, het die algemene kiesreg as redmiddel teen alle ellende aangeprys, en selfs in die parlement het sir Francis Burdett die leuse van Hunt verdedig. In Augustus 1819 het 50,000 mense in Manchester vergader om na 'n toespraak van Hunt te luister. Die magistrate het die vergadering belet, en soldate is gebruik om die oploop uiteen te dryf. 'n Groot aantal ongevalle, waarvan ses 'n dodelik afloop had, was die gevolg, en hierdie sogenaamde „Manchester-moord'' het die algemene agitasie gevoed. Die regering wou met drastiese wetgewing die onluste teengaan, en ses wette is met alle haas vir dié doel deur die parlement gepasseer. Die hou van publieke vergaderings is onder streng kontrole gestel, en niemand mog buitekant sy eie wyk 'n vergadering bywoon nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die anti-rewolusionêre reaksie het so in Engeland hoogty gevier. Die konserwatiewe Tories onder Liverpool, Castlereagh en die hertog van Wellington was aan die bewind. Die jare van hulle heerskappy was wel getel. Watt sou ook vir hulle van die troon stoot. Maar dis 'n verhaal wat later ontvou sal word. Ons bly voorlopig hier staan by die verstokte konserwatisme wat in Engeland onder die rookdamp van die Industriële Omwenteling geen rekening met die nuwe tyd en sy vereistes wou hou nie, en ons wil in die verbygaan verder aantoon dat ook in die ander Europese lande die konserwatiewe elemente in hierdie tyd die botoon gevoer het.

§ 3. Die Metternich-Stelsel.

Ons het gesien welke skikkings die Europese vorste en staatsmanne na die val van Napoleon getref het om die vrede te bestendig. Hulle wou die wêreld teen verdere rewolusies beveilig, en veral Metternich, die groot Oostenrykse minister, wou die Heilige Alliansie as 'n wapen gebruik om orals in Europa en selfs anderkant die Atlantiese Oseaan demokratiese vryheidsbewegings neer te slaan. Hy het meer onderneem as wat hy op die lang duur sou kon uitvoer, want sommige vrugte van die Franse Omwenteling en van die Napoleontiese bewind, soos b.v. die gelykheid van alle burgers voor die wet, die idee van volksregering deur gekose volksverteenwoordigers, die afskaffing van die voorregte van adel en kerk, wat bevordering in die staatsdiens en die leër en belastings betref, die voorbeeld van Napoleon se deeglike administrasie, en les bes die ontwaakte nasionale gevoel van die volke wat onder sy swaar hand weer selfbewus geword het, dit alles kon nie deur kongresbesluite te niet gemaak word nie; maar vir 'n lang reeks van jare sou Metternich en sy helpers dit tog regkry om in baie lande die klok van konstitusionele vooruitgang te laat stilstaan en selfs agteruit te sit.

In die nuwe Duitse Statebond, wat na die kongres van Wene die plek van die ou Duitse Ryk ingeneem het, en waarvan die keiser van Oostenryk voorsitter was, het 'n periode van reaksie ingetree. Gedurende die vryheidsoorloë het die Duitse studente, onder die leiding van Vader Jahn van Berlyn, patriotiese sportverenigings (Turnvereine) gestig. Daarnaas het ook die sogenaamde „Burschenschaften," d.w.s. studenteklubs, waarin die groot verlede en die eenheid van die Duitse volk op die voorgrond gestel is, ontstaan. In Oktober 1817 het 468 verteenwoordigers van die „Burschenschaften" op die Wart-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

burg, die kasteel waar Luther die Bybel vertaal het, die Hervorming en die slag van Leipzig feestelik herdink. Na 'n indrukwekkende fakkeloptog het 'n paar geesdriftige studente, volgens Luther se voorbeeld, tekens van die ou knegskap, soos b.v. die tietels van reaksionêre geskrifte, 'n korporaalstok, ens., in die vlamme van die opgehoopte fakkels gegooi. Hierdie gevaarlike(?) gebeurtenis is aan die Heilige Alliansie, wat destyds in Aken vergader was, gerapporteer, en die Pruisiese regering het die Turnplekke gesluit en die „Burschenschaften'' aanbande gelê.

Die haat van die jong Duitse nasionaliste was destyds veral gerig teen die Russiese gesant in Berlyn, Von Kotzebue. Hy was 'n gewillige handlanger van Metternich, en in sy berigte aan die tsaar en in tydskrifartiekels het hy op 'n baie haatlike manier met die vryheidsbeweging die spot gedrywe. In 1819 is hy deur 'n teologiese student, Sand, vermoor. Sand moes sy misdaad met die dood boet, maar hy is as 'n martelaar verheerlik. 'n Twede moordaanval op 'n reaksionêre voorman deur 'n apteker, Loening, het spoedig gevolg. Dit het misluk, en die skuldige het homself in die tronk om die lewe gebring.

Hierdie gebeurtenisse het Metternich die kans gegee om by die regerings van die Duitse state op 'n uitroeiing van die sogenaamde „Demagoëdom'' aan te dring, en so groot was die vrees vir die rewolusionêre gees onder die vorste, dat wêreldberoemde geleerdes, wat tydens die vryheidsoorlog alles vir hulle volk feil gehad het, uit hulle betrekkings as universiteitsprofessore ontslaan is. Onder hulle kan ons noem: Arndt, die digter en patriot; „vader'' Jahn; en Schleiermacher, die filosoof. Maar meer sou nog volg: Metternich het 'n persoonlike onderhoud met die Pruisiese koning gehad, en 'n konferensie van die Duitse regerings is in Karlsbad byeengeroep. Vandaar het toe in Augustus 1819 die berugte Karlsbad-Besluite uitgegaan. Die inhoud daarvan was kortliks as volg: Die universiteite sou streng gekontroleer word, en enige dosent wat vrysinnige leringe verkondig, sou sy pos verloor; nasionale studenteverenigings is verbied; geen pamflette mog sonder spesiale regeringsverlof gedruk word nie, en die pers sou ook in die algemeen goed in toom gehou word. As ons van sulke besluite lees, dan sal ons goed begryp dat daar van konstitusionele vooruitgang in Duitsland en Oostenryk in hierdie tyd weinig sprake kon wees. By die vredesluiting is vrysinnige konstitusies aan die Duitse state belowe, maar Metternich het daarin geslaag om die uitvoering van hierdie belofte oor die algemeen te verydel. Die vorste met hulle beamptes het vry-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wel die hele regeringsmag in hande gehad, maar tot hulle eer moet gesê word dat hulle administrasie in die reël goed en deeglik was. Veral was dit die geval in Pruise, waar staatsbeamptes van uitstaande talente 'n verstandige belastingstelsel opgebou het, die landsfinansies op 'n gesonde voet gebring het, 'n deeglike militêre sisteem, op die algemene diensplig gebaseer, verder uitgewerk het en landbou, handel en industrie aangewakker het.

In Frankryk het die konserwatiewe reaksie buitensporige vorms aangeneem. Volgens die grondwet, die sogenaamde „Charte," wat Lodewyk XVIII met die hulp van Talleyrand dadelik na sy oorname van die regering in Junie 1814 aan sy volk gegee het, sou daar twee wetgewende liggame wees, nl. 'n kamer van adellike verteenwoordigers, vergelykbaar met die „House of Lords," en 'n laer huis deur die volk gekies. Dit het egter gou geblyk dat die Bourbons „niks geleer en niks vergeet het nie." Bonapartiste en republikeine is uit die staatsdiens en offisierskorps geban; die broer van die koning, 'n ultrakonserwatiewe dweper, die graaf van Artois, is tot militêre opperbevelvoerder benoem; die groot rojalistiese meerderheid in die wetgewende liggame, wat onder die indruk van Napoleon se val tot stand gekom het, was bitter gekant teen alle tekens van vrysinnigheid; en die aanhangers van Napoleon en die rewolusie is aan die genade van opgesweepte volksmassas oorgelewer.

Veral in Suid-Frankryk het 'n „Wit Skrikbewind" teen almal wat nie streng katoliek en koningsgesind was nie, geheers, en duisende is eenvoudig vermoor, daaronder beroemde generaals van Napoleon en baie Protestante. Lodewyk wou nog probeer om 'n versoenende politiek te volg, maar na die vermoording van sy neef en troonopvolger, die hertog van Berry, deur 'n rewolusionêre dweper in 1820, het die konserwatiewe reaksie weer heftig opgevlam, en so getrou was Frankryk aan die Heilige Alliansie, dat 'n Franse leër in 1823 Spanje binnegeruk het om die koninklike gesag ook daar te herstel. In 1824 sterf Lodewyk XVIII, en sy broer, die graaf van Artois, het as Karel X hom opgevolg. Nou het die reaksie van die hof sy toppunt bereik. 'n Som van 1,000 miljoen frank is op koninklike aandrang deur die wetgewende kamers gestem om die adellike vlugtelinge, wat byna veertig jare tevore tydens die omwenteling hulle besittings verloor het, te ontskadig; die Jesuïete is weer toegelaat; en ofskoon 'n nuwe eleksie 'n liberale meerderheid in die wetgewende vergadering gebring het en 'n liberale ministerie onder Martignac 'n tydjie aan die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

bewind was, het Karel direk in stryd met die uitgesproke wens van die volk sy liberale raadgewers weer ontslaan en aan 'n ultra-rojalistiese ministerie onder Polignac sy vertroue gegee.

In 1812 toe die Spanjaarde met Engelse hulp besig was om die Franse indringers terug te stoot, is 'n liberale grondwet deur die volksverteenwoordigende liggaam, die Cortes, vir Spanje opgestel. Daarvolgens sou die volk soewerein wees; ministers, wat aan die Cortes verantwoordelik was, die regering voer; die aantal kloosters beperk word; kerklike besit ook belastingspligtig wees en die Jesuïete nie in Spanje toegelaat word nie. Ferdinand VII het onmiddellik na die val van Napoleon in 1814 die grondwet van 1812 nietig verklaar, die kerklike voorregte, belastingsvryheid, ens., en die Jesuïete herstel, en as 'n absolute vors geregeer. 'n Volksopstand het in Spanje gevolg, en die Spaanse koloniste in Meksiko en Suid-Amerika, wat reeds aan die rebelleer was, omdat hulle tydens die Napoleontiese oorloë, aan hulle self oorgelaat, handelsvryheid geniet het en nie onder die ou koninklike wanbeheer wou terugkeer nie, het met nuwe ywer die vryheidstryd daar gevoer. Ferdinand het daarin geslaag om voorlopig die oproerigheid in Spanje te onderdruk en 'n groot leër is toe versamel om ook die Spaanse kolonies weer onder die ou juk te dwing. Onder die regimente wat in Cadiz op inskeping na Amerika gewag het, was die vryheidsgees egter so sterk, dat 'n opstand onder hulle uitgebreek het. Van hulle sending na Amerika het niks gekom nie, en hulle het die koning verplig om in 1820 weer die Grondwet van 1812 af te kondig. Die liberale oorwinning was egter kort van duur. Metternich het die Heilige Alliansie wakker gehou. In 1820 het die verbonde vorste 'n kongres in Troppou gehou, veral om maatreëls teen rewolusionêre bewegings in Italië te bespreek, en daar is toe besluit om state, waarin „onwettige hervorminge ingevoer word, desnoods met geweld in die skoot van die Alliansie terug te voer." Engeland en Frankryk het wel geweier om hierdie besluit te onderteken, maar Oostenryk, Rusland en Pruise het hulle goedkeuring daaraan geheg, en in 1821 op die kongres van Laibach is aan Oostenryk opgedra om 'n rewolusie in Napels te gaan onderdruk. Nadat Metternich se generaals hierdie taak uitgevoer het, en die absolute koningskap in Suid-Italië en Sisielië met soveel wreedheid en wraaksugtigheid herstel was, dat die liberale beweging ook in ander Italiaanse state onder die vrees vir die „Wit Skrikbewind" verlam is, was die Spanjaarde aan die orde. In 1822 het die Heilige Alliansie in Verona vergader. Op die kongres was o.a. teenwoordig: die tsaar van Rusland, die keiser

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van Oostenryk, die konings van Pruise, Sardinië, Napels, en die ander Italiaanse vorste. Namens die kongres is die Spaanse Cortes gelas om die grondwet van 1812 so te wysig dat dit nie meer teen die heilige absolute koningskap sou indruis nie, en toe die Spaanse volksverteenwoordigers geweier het om hieraan gehoor te gee, is Frankryk uitgekies om suid van die Pireneë die vryheidsgees te gaan uitdelg. Die Franse regering wat destyds sterk onder die invloed van die graaf van Artois gestaan het, was dadelik gereed om hierdie opdrag uit te voer, en in 1823 het 'n leër onder die hertog van Angoulême Spanje ingetrek. Tot die groot teleurstelling van die Cortes het geen nasionale verset teen die vreemde indringers gevolg nie. Dieselfde ongeletterde Spaanse boere wat jarelank 'n verbitterde oorlog teen Napoleon se leërs gevoer het, was so onder die invloed van die koningsgesinde priesters en het die liberale meerderheid in die Cortes so weinig vertrou, dat hulle die soldate van Angoulême as bevryers begroet het. Weldra was Madrid deur hom ingeneem, en vóór Cadiz het die Cortes 'n vrede gesluit wat aan sy eie konstitusionele mag weer 'n end gemaak het.

So seëvier die reaksie dan orals in Europa gedurende die eerste tien jare na die val van Napoleon, en ons sal vind dat ook in Suid-Afrika tot 1825 en langer daar tekens genoeg van konserwatiewe neiginge by die regering aangetref word. Ons het hier te doen met die tyd van lord Charles Somerset, en hy staan in ons geskiedenis bekend as 'n onbuigsame en hardvogtige outokraat. Ons oordeel oor hom sal miskien van die staanspoor af minder hard wees as ons onthou dat hy deur 'n anti-rewolusionêre regering in 'n anti-rewolusionêre tyd na die Kaap gestuur is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

HOOFSTUK VII.

LORD CHARLES SOMERSET (1814 — 1826).

§ 1. Die Betekenis van sy Koms.

Op 5 April 1814 het lord Charles Somerset in Kaapstad aangekom, en reeds die volgende oggend het hy die regeringsmag van sir John Cradock oorgeneem. Op hierdie haastige manier het hy al dadelik aan almal gewys dat hy homself nie as 'n gewone opvolger van die vorige goewerneurs beskou nie. Hy het daarby in baie opsigte gelyk gehad. Hy was in die eerste plek van veel hoër stand as sy voorgangers. As die twede seun van die hertog van Beaufort en die dogter van admiraal Boscawen het hy baie vriende en famieliebetrekkings onder die heersers van Engeland in regering, kerk, maatskappy, leër en vloot gehad. Sy oudste broer was die markies van Worcester, en 'n ander broer, 'n dapper offisier wat by Waterloo 'n arm verloor het, is in die geskiedenis bekend as lord Raglan, die Britse opperbevelvoerder in die Krimoorlog. As ons hierby nog daaraan herinner word dat lord Charles Somerset 'n man van heelwat bekwaamheid en buitengewone energie was, dan word die indruk by ons versterk dat sy benoeming tot goewerneur van die Kaap 'n besondere betekenis gehad het. Hy was dan ook, veel meer as wat Caledon of Cradock dit ooit gewees het, 'n vertroude gesant van die Britse regering, spesiaal uitgekies in 'n kritieke tyd om baie belangrike werk vir Engeland te doen.

Die eerste deel van hierdie spesiale funksie aan hom toevertrou, was dat hy die Kaap as 'n permanente Britse Kolonie moes bestuur. Toe hy Engeland verlaat het, was Napoleon reeds by Leipzig verslaan, en die vernietiging van sy keiserryk, wat onafwendbaar geword het, het aan alle onsekerheid omtrent wie in besit van die suidelike sleutel tot Indië sou bly, 'n end gemaak. Nog in dieselfde jaar van Somerset se aankoms hier is dan ook die Kaap deur 'n formele verdrag aan Engeland afgestaan — nie verkoop nie. Die geskiedenis van hierdie afstand is kortliks as volg: Op 3 Maart 1813 het Enge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

land met Sweden 'n verdrag gesluit, en aan die noordelike bondgenoot is vir sy steun die Franse Wesindiese eiland, Guadaloupe, belowe. By die eerste Vrede van Parys in Mei 1814 is Guadaloupe egter aan Frankryk teruggegee, en Sweden het hiermee akkoord gegaan, mits hy vir sy verlies vergoed word. Engeland was natuurlik vir hierdie kompensasie verantwoordelik, maar as gevolg van ander onderhandelings is die verantwoordelikheid aan Holland oorgedra. Dit het so gebeur: By die genoemde Vrede van Parys is bepaal dat die herstelde prins van Oranje koning van Noord- en Suid-Nederland sou wees. Die doel van die vergroting van die Nederlandse staat was om 'n sterk bolwerk teen Frankryk te stig, en Engeland het hierby baie belang gehad, maar die nuwe Groot-Nederlandse vors moes ook erkentelik wees vir die verhoogde status wat hy en sy staat deur die vredeskikking gekry het, en die verantwoordelikheid om Sweden te kompenseer is dus op Nederland gelê. Engeland sou egter tog die vergoedingsom (£1,000,000 aan Sweden vereffen, en langs hierdie eienaardige omweg sou Nederland teoreties £1,000,000 van Engeland kry, ofskoon Nederland nooit daaroor beskik of 'n pennie daarvan gesien het nie. Hierdie geldelike reëling is in 'n spesiale konvensie tussen Engeland en Nederland op 13 Augustus 1814 vasgelê, en daarin word dan nog melding gemaak van 'n verdere som (£5,000,000) wat Engeland nie aan Nederland nie, maar in die sogenaamde belang van Nederland sou betaal. Hierdie geld sou gebruik word om die Suid-Nederlandse grens teen Frankryk te versterk en om die instemming van ander Europese magte, Rusland, b.v., met die vergroting van die Nederlandse koninkryk te verwerf. Ook oor hierdie £5,000,000 sou Nederland nie beskik nie. Inteendeel, die Nederlandse regering moes 'n ewe groot bedrag bydra om vir sy versterking en vergroting te help betaal.

So kry ons dan die £6,000,000 wat volgens sommige skrywers die som was, waarvoor Nederland die Kaap aan Engeland verkoop het. Hoe kon ons suidhoek dan hierby ingesleep word? Dis weer 'n verdere ontwikkeling wat hierdie ingewikkelde besigheid nog meer ingewikkeld maak. Tydens die Napoleontiese oorloë het Engeland ook teen die Bataafse republiek geveg en al die Nederlandse kolonies verower. By die vredesluiting het die Engelse ministers hulle bereidwilligheid te kenne gegee om die verowerde kolonies weer aan Nederland terug te gee, en so het Nederland dan ook sy hele oosterse besit weer teruggekry, maar van die afstand van die Kaap en drie Nederlandse kolonies in Suid-Amerika, Demerara, Essequibo en Berbice,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wou die Engelse nie hoor nie, en die Nederlandse gesagvoerders, moes, natuurlik teen hulle sin, dit verlief neem dat die Engelse dié kolonies behou. Van die prins van Oranje en sy raadgewers is egter nog meer gevorder. Hulle moes daarin toestem dat daar in die konvensie van 13 Augustus 'n sin ingevoeg staan, wat die duidelike indruk wek dat Nederland van die bogenoemde vier kolonies afsien, omdat Engeland die £6,000,000 in die belang van Nederland uitbetaal. Die doel van die invoeging van hierdie sin is nie helder nie. Nederlandse skrywers beweer dat dit was om die Britse parlement en publiek makliker daartoe te beweeg om die £6,000,000 op te bring, en 'n bespreking wat later in die Britse parlement plaasgevind het, bekragtig hierdie opvatting. Hoe dit egter ook mag gewees het, uit die bogaande sal genoegsaam blyk dat daar van 'n vrywillige verkoop van die Kaap vir £6,000,000 geen sprake kan wees nie. Nederland is oor die algemeen baie fatsoenlik en selfs grootmoedig behandel deur sy sterk buurman in die Noord-See, maar Engeland het die Kaap verower en as verowerde gebied behou, en lord Charles Somerset is gestuur om dit vas en finaal vir die Engelse regering en volk in besit te neem.

En so kom ons dan tot die twede deel van sy onbeskrewe opdrag, 'n opdrag wat egter onmiskenbaar uit sy dade en ander gebeurtenisse kan afgelei word. Deur dieselfde middels, waaraan Caledon en Cradock reeds gedink het, en wat hulle versigtig begin aanwend het — deur die versterking van die sentrale regering, *sentralisasie;* deur die vermeerdering van die Britse bevolking hier, *immigrasie;* en deur die verengelsing van die ou koloniste, *anglisasie,* moes Somerset die Kaap vir Engeland beveilig en diensbaar maak. En omdat hy haastig en vol energie was, en aangesien verder alle redes tot versigtigheid deur die val van Napoleon uit die weg geruim was, kon wel verwag word dat die genoemde drie middels onder hom kragtig gebruik sou word. Ons sal dan ook sien dat dit gebeur het, maar teen een moontlike mistasting moet gewaarsku word. Somerset was wel 'n volbloed Engelse Tory van sy tyd, d.w.s. 'n uitgesproke en deurtastende reaksionêre imperialis, maar dat die imperialistiese tempo in Suid-Afrika tydens sy regering so versnel is, moet nie alleen aan hom toegeskrywe word nie. Hy was op slot van sake slegs 'n dienaar van hoër meesters in Engeland, en hy moes hulle wil laat geskied.

§ 2. Wet en Orde op die Grens.

Dat Somerset, om wet en orde te handhaaf, liewers in die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rigting van strengheid as van swakheid sou fouteer, is vanself-sprekend, en sy eerste groot misstap, wat in sommige opsigte selfs fataal moet genoem word, moet hieraan toegeskryf word. Ons dink aan sy behandeling van die sogenaamde Slagters-nek-Opstand. Hierdie ongelukkige gebeurtenis pas nie in die raam van die grenspolitiek wat deur die Tories tussen 1806 en 1826 in Suid-Afrika gevolg is nie. Somerset was net so min soos Cradock daartoe geneig om van die grensboer 'n vyand te maak. Albei wou wet en orde handhaaf, maar veral op die Kaffers en ander rusverstorende gekleurdes het hulle hand swaar gerus, veel swaarder as op die veeboere, wat juis hulle kragtige grenspolitiek verwelkom het. 'n Basis van vriendskaplike samewerking tussen die regering en die oostelike koloniste het dus in 1814 bestaan. Cradock het veel gedaan om die bedryf van die veeboer daar weer moontlik te maak, en Somerset sou gou die bewys lewer dat hy net so sterk teen die wanordelikhede van die Kaffers gekant was. Daar was dus weinig rede vir die boere om te rebelleer. En tog, 'n opstand het plaasgevind, en na 1815 was die galg van Slagtersnek vir die Afrikaner 'n simbool van hardvogtige onderdrukking, en tussen mense wat kon en moes saamwerk, was 'n kloof geskep wat moeilik weer oorbrug kon word.

Die begin van hierdie ongelukkige episode moet gesoek word in 'n gevoel van ontevredenheid, wat deur die negrofilistiese agitasie van die sendelinge en sy voorlopige kliemaks, die Swart Ommegang, asook deur Cradock se nuwe grondstelsel onder die grensboere aan die lewe gehou is, maar wat nie so algemeen of sterk was dat dit tot 'n uitbarsting hoef te gelei het nie. Frederik Bezuidenhout van Bobbejaansrivier het die oortuiging gekoester dat die regering die kleurling bo die boer stel, en hy was 'n pionier, beperk in sy kennis en begrippe, maar des te sekerder van sy eie opinies en van sy eie krag. Sy bediendes was in sy oë minderwaardige skepsels, en 'n regering wat hulle, volgens sy beskouing, as gelyk- en selfs meerderwaardiges behandel, het hy geminag. Vrees het hy nie geken nie. Jarelank het hy met die roer in die hand daar op die verre en woeste grens self sy huis en vrou en kinders en vee verdedig. Van die regering wou hy niks hê nie, veral nie moeite nie. En nou word hy na Graaff-Reinet gedagvaar, omdat een van sy volk, 'n niksnuts, hom weens beweerde mishandeling gaan aankla het. Hy verskyn nie voor die hof nie, en na herhaalde waarskuwings word 'n twaalftal Hottentot-soldate (hulle was as grenswag toevallig byderhand) onder 'n paar blanke offisiere gestuur om hom te arresteer. Hy skiet

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

op hulle; hulle beantwoord sy vuur; en 'n Hottentot skiet hom dood. Dit was op 16 Oktober 1815. By die graf van sy broer sweer Jan Bezuidenhout wraak, en hy en sy swaer, Faber, begin die mense in die omstreke tot rebellie op te sweep. Baie suksesvol was die sameswering egter nie. Gaika se hulp is ingeroep, maar hy het verkies om die kat uit die boom te kyk, en uiteindelik was slegs ongeveer sestig man gereed om die wapens op te neem en die Engelse in die see te ja. Die landdroste van Graaff-Reinet en Uitenhage was intussen goed ingelig omtrent die opstandige beweging, en die nodige maatreëls is getref om dit neer te slaan. Op 18 November tref kolonel Cuyler met 'n gemengde mag van dragonders en burgers Bezuidenhout se kommandotjie by Slagtersnek aan. Kommandant Nel, wat aan die hoof van die regeringsgesinde burgers was en aldeur probeer het om die opstandelinge tot vrywillige onderwerping te beweeg, praat weer met hulle, en voordat enige bloed gevloei het, sak die hele verset ineen. 'n Deel van Bezuidenhout se mense kom hulle oorgee; 'n ander deel vlug na hulle plase. Hyself met sy familie slaan die rigting na Kafferland in. Ook Faber en twee Botmas met hulle familielies vergesel hom in hulle waens. Die vlugtelinge word deur 'n oormag van burgers onder Nel en Hottentotsoldate ingehaal en verras, en Jan Bezuidenhout, van sy vriende afgesny, word doodgeskiet. Heldhaftig was sy uitgang. Tot op die end het sy vrou, Martha Faber, moedig en kalm, soos Lichtenstein die boerevrou leer ken het, sy geweers vir hom gelaai, en ook sy twaalfjarige seuntjie het dapper saamgeskiet.

Die rebellie was oor, en sy treurige nasleep het begin. 'n Groot aantal gevangenes is voor 'n spesiale kommissie van die Hoë Geregshof, bestaande uit twee regters, Hiddingh en Diemel, in Uitenhage verhoor. Die uitslag was dat ses man tot die dood veroordeel is en twee-en-dertig die teregstelling moes gaan aanskou en daarna vir hulle deelname aan die opstand nog verder deur ballingskap, tronkstraf of boetes moes betaal. Somerset het in een geval die doodstraf verander, maar vir Hendrik Prinsloo, 'n kleinseun van ou Martiens van die Bosberg, Cornelis Faber, Stefanus Botma, Abraham Botma en Theunis de Klerk was daar geen genade nie. Die goewerneur wou van hulle 'n afskrikwekkende voorbeeld maak, en op 9 Maart 1815 is hulle op die plek waar hulle tot hoogverraad besluit het aan een groot balk gesamentlik gehang. Dit was asof die noodlot saamgewerk het om tot die end toe ongeluk op ongeluk te hoop. Vier van die toue het gebreek, en die omstaanders het dit as 'n vingerwysing van God beskou en om

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

genade vir hulle vriende gesmeek, maar Cuyler met sy soldate moes hulle plig doen en die vonnisse is voltrek.

So het die hoë galg van Slagtersnek dan sy swart skaduwee oor ons geskiedenis begin uitstrek; en dit was op slot van sake nie nodig nie, nie onvermydelik nie. Die regters kan nie geblameer word nie; hulle uitspraak was volgens die wette wat hulle moes toepas; maar lord Charles Somerset se weiering om die mense wat tot die dood veroordeel was te begenadig, was erger as 'n misdaad; dit was 'n fout. Hy het gemeen dat hy deur skrikaanjaging ontsag vir sy regering by die grensboere sou inboesem. Hy het die volk en geslag, wat twintig jaar later die Groot Trek sou uitvoer, nie geken nie. Al wat hy onmiddellik reggekry het, was om martelaars te maak van 'n aantal heethoofde, en wel onder breë kringe wat met die onbesonne gedrag van die veroordeeldes voor hulle teregstelling weinig simpatie gehad het. Hy het later veel gedaan wat bereken was om die gevolge van hierdie groot fout te versag, maar selfs sy kragtige Kafferpolitiek, wat nou ons aandag moet geniet, kon die herinnering aan Slagtersnek nie uitwis nie.

Ons weet dat Cradock daarin geslaag het om die Kaffers uit die Kolonie te ja, maar dat sy grensreëling nie 'n genoegsame waarborg teen hulle verdere diefstalle geblyk het nie. Tydens en na die Slagtersnekopstand het hulle strooptogte sterk toegeneem, en baie klagte het Somerset bereik. In Januarie 1817 onderneem hy 'n reis na die Suurveld, waar die toestand alweer op sy slegste was. Die land daar het hom baie aangetrek; hy noem dit „a succession of parks;" maar hy vind dat 145 famielies in die laaste agtien maande onder die aanvalle van die Kaffers uit hierdie deel moes terugwyk, en dat daar binne kort geen blanke meer in die oostelike Suurveld sou oorbly nie. Die goewerneur het die saak baie ernstig opgevat, en na 'n onderhoud met Gaika het hy 'n nuwe grenspolitiek aangekondig. Dit was die stelsel van gemeenskaplike verantwoordelikheid, wat Cradock nog huiwerig was om toe te pas. Voortaan sou 'n hoof, na wie se kraal die spoor van geroofde vee gevolg word, verantwoordelik gehou word om hulle of eweveel ander beeste terug te besorg. Ook aan Slambie en die ander hoofde is hierdie besluit meegedeel, en om die deurvoering daarvan moontlik te maak en die Kaffers in hulle rooftogte te hinder, het Somerset oor 'n duisend soldate in 'n reeks grensforte gestasionneer.

Die diewery van die Kaffers het egter voortgeduur, en Slambie was weer die groot voorbok daarby. Die nuwe stelsel is toegepas, en deur militêre ekspediesies is kompensasie vir ge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

steelde vee uit Kafferland gebring. Die Kaffers is hierdeur tot weerwraak aangevuur, en die onverstandige inmenging van die goewerneur in hulle eie aangeleenthede het hulle bitterheid verskerp. In 1818 was daar weer oorlog tussen Gaika en Slambie, en die Rarabe-opperhoof is verslaan. Hy het in die Winterberg skuiling gesoek en die hulp van Somerset ingeroep. Die goewerneur willig in. Kommando's is opgeroep, en in Des. 1818 het 'n groot militêre mag onder kolonel Brereton uit Grahamstad oor die Visrivier getrek en verwoesting onder Slambie se aanhangers gebring. Die ou rusverstoorder het gevlug, en 23,000 van sy mense se beeste is buitgemaak, 9,000 waarvan aan Gaika, die witman se bondgenoot, afgestaan is.

Nou was die beker van die Kaffers vol. Onder die inspirerende leiding van 'n begaafde nasionale volksheld, Makana, word 'n groot aanval op die blankes georganiseer, en in die begin van die jaar 1819 bars 18,000 Kaffers oor die grens en pleeg wyd en syd diefstal en moord en verwoesting. Makana het dit selfs gewaag om op 22 April 1819 met 'n leër van 10,000 man Grahamstad aan te val. Die garnisoen het slegs uit 330 verdedigers bestaan, maar deur hulle moed en hulle vuurwapens het hulle Makana se ontsettende oormag gestuit en op die vlug geja.

Somerset het in die tussentyd groot voorbereidsels getref. Uit alle dele van die Kolonie is kommando's na die grens gebring, en die troepe daar is ook versterk en onder die bevel van 'n bekwame offisier, kolonel Willshire, gestel. Met 1,900 soldate en eweveel burgers kon hy toe weer die teenaanval begin, en die verset van die Kaffers is gou gebreek. Slambie het gevlug, Makana het hom kom oorgee, en die land tussen die Vis- en Keiskammariviere is van Kaffers gesuiwer. Teen die end van Augustus 1819 was die oorlog oor en Slambie se mag verpletter. Somerset het self na die grens gegaan om by die vredesluiting teenwoordig te wees, en hy het 'n sterk en besliste houding ingeneem.

Makana is na Robbeneiland verban, waar hy 'n jaar later by 'n poging om te ontvlug in die see verdrink het. Die westelike Kosas het Gaika se opperheerskappy erken, en hulle het ook toegestem dat die Keiskammarivier met sy boloop, die Tjoemierivier, voortaan die wesgrens van Kafferland sou wees. Die gebied tussen die Keiskamma- en die Visriviere het Somerset egter nie vir blanke kolonisasie oopgegooi nie. Dit was sy plan om dit as 'n neutrale streek te behou, sodat die skeiding tussen Boer en Bantoe duidelik gehandhaaf en hulle onderlinge wrywing totaal vermy kon word. Hier en daar is egter afdelings

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die grenswag in forte geplaas. Die grootste grenspos was Fort Willshire op die Keiskammarivier.

Die filantrope het natuurlik in Suid-Afrika en Engeland 'n geskree laat opgaan, omdat die onskuldige natuurkinders van 'n stuk van hulle land beroof was, maar Somerset het voet-by-stuk gehou, en van die sogenaamde wrede onderdrukkers van die naturelle het hy met die grootste lof getuig. Op 15 Oktober 1819 skryf hy as volg oor hulle aan lord Bathurst, die Engelse minister van oorlog en kolonies: „Worn out by incessant fatigue, having been for many months exposed to all the severity of a most inclement season, all dismounted, the greater part of their horses having perished, this fine body of men (die burger-kommando's) had become most anxious for repose, and having effected with the greatest regularity, bravery and patience the object for which they had been called out, I was not a little pleased that the time was come when I might safely send them to their homes. Near two thousand on this occasion have been in the field for seven months, mounted and equipped at their own expense, and without pay, and having found themselves in six months' provisions. They have in this time lost near three-quarters of their horses and have submitted to every privation, even to want of shoes and clothes, without a murmer." Dis te betreur dat Somerset die grensboere nie vroeër so leer waardeer het nie. Dan was daar miskien één tragiese bladsy minder in ons geskiedenis.

Op hierdie besliste manier is dan die grensreëling getref, en die koloniste het die voordeel gepluk van Somerset se vaste besluit om onder die sterk hand van sy regering orals binne die grense van die Kolonie wet en orde te handhaaf. Dat daar in die neiging van die Torybewindvoerders om die mag van die sentrale regering op 'n voelbare manier tot die verste uithoeke uit te brei, ook verdere gevare vir hulle opgesluit gelê het, sou die koloniste later weer bespeur, maar dis 'n saak wat nou nie aan die orde is nie. Ons wil ons verhaal nie onderbreek nie, en 'n ander onderdeel van Somerset se regeringskema, nl. sy emigrasiepolitiek, vereis hier ons aandag.

§ 3. Die Britse Setlaars.

Ons weet dat daar as gevolg van die Industriële Omwenteling en van die maatskaplike en politieke toestande na 1815 baie ellende en werkloosheid in Groot-Brittanje geheers het. Reeds in 1803 het lord Selkirk, 'n Skotse edelman, van sy arm landgenote na Kanada help emigreer, en sy eksperiment het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

baie belangstelling gewek. Kolonel Graham, die aanvoerder in die Kafferoorlog van 1812, wat na Skotland teruggekeer het, het daaromtrent in 1813 aan Alexander, die koloniale sekretaris in Suid-Afrika, geskryf, maar Cradock, hoe besig hy ook was om die Britse element hier te versterk, kon die plan, wat reeds deur Collins in 1809 geopper was, en wat ook die steun van Caledon geniet het, nl. om Britse emigrante hierheen te kry, nog nie uitvoer nie. Vir Somerset was die geleentheid daartoe veel gunstiger. Die Britse regering in sy tyd het daarin 'n middel teen die na-oorlogse weë gesien, en in Suid-Afrika was daar na 1819 'n pragtige kans en 'n goeie rede om duisende nuwe koloniste in die oostelike distrikte op te neem. Die Kaffergevaar was verder verdwyn as ooit tevore, en hoe meer bewoners langs die grens kon gevestig word, des te moeiliker sou die naturelle dit vind om daaroor te kom. Baie dinge het dus saamgewerk om die emigrasieplan te bevorder, toe Somerset aan die begin van 1820 vir 'n verloftyd van byna twee jaar na Engeland geseil het.

Lord Bathurst was reeds in 1817 met Somerset in briefwisseling oor die moontlikheid van Britse emigrasie na die Kaap, en die Britse regering is in sy simpatieke houding nie alleen deur geesdriftige aanmoediging uit Suid-Afrika nie, maar ook deur 'n perskampanjie in Engeland versterk. In Julie 1820 was die saak reeds so ver gevorder dat die Britse parlement 'n som van £50,000 daarvoor gestem het. In 'n offisiële sirkulêre is toe uiteengesit hoe uit hierdie fonds steun sou verleen word. 'n Man wat onderneem om met ten minste nege ander getroude of ongetroude mans na die Kaap te gaan, sou met sy geselskap, vroue en kinders inkluis, kosteloos daarheen vervoer en op die reis versorg word. Grondstukke van 100 akkers per man sou aan hulle hier as erfpagplase gegee word, en vir die eerste tien jaar sou hulle van die jaarlikse pagsom vrygestel word. Deur die hoof van so 'n geselskap moes egter £10 vir elke manlike meerderjarige by die regering gedeponeer word. Hierdie deposito sou in drie paaiemente aan die hoofde terugbetaal word, 'n derde na hulle aankoms in Suid-Afrika, 'n derde na hulle aankoms op hulle plase en 'n derde drie maande later. Die Britse regering het geen verdere verantwoordelikheid onderneem nadat die reis voltooi was nie, maar die deposito-geld sou aangewend word om die emigrante oor hulle eerste moeilikhede te help. Landbougereedskap, saadkoring en rantsoene sou teen kosprys daaruit verskaf word. Die regering het dus nie met die indiwiduele emigrante onderhandel nie, en die keuse van geskikte persone is ook aan die partyhoofde oorgelaat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die hele onderneming is op 'n minder bevredigende manier georganiseer en uitgevoer. Te veel verarmde stedelinge is toegelaat om te kom, en volgens Pringle, die digter, wat ook onder die emigrante was, het die meerderheid van hulle 'n swak indruk gemaak; één kaptein het nogal moeite gehad om op sy skip die orde te handhaaf; maar nuwe land word in die reël nie deur die sogenaamde beste klasse van die ou kultuurlande gekoloniseer nie, en as die ras maar goed is, dan kom alles uiteindelik tog reg. Ook die skikking wat aan die hoofde soveel mag oor hulle partygenote gegee het, het in sommige gevalle, b.v. by die verdeling van die grond, moeilikheid veroorsaak. Die Kaapse regering is ook nie goed ingelig omtrent die juiste getal wat gestuur sou word nie, en die agerende goewerneur, sir Rufane Donkin, het ongeveer 2,000 verwag. Hy was dus enigsins in die ongeleentheid, toe daar in die eerste helfte van 1820 meer as 3,000 onder 57 hoofde opgedaag het.

Volgens lord Charles Somerset se oorspronklike plan moes al die setlaars in die Suurveld gevestig word, maar Donkin het hierin 'n verandering aangebring. Hy moes op las van Bathurst die Iere, wat 'n baie klein groepie gevorm het, die Skotte, wat ook nie 'n groot getal was nie, en die Engelse, wat die groot meerderheid uitgemaak het, apart hou, en hy het alleen die twee laasgenoemde nasionaliteite na Algoabaai laat deurseil. Die Iere het in Clanwilliam grond gekry, maar hulle neersetting was van die staanspoor af 'n treurige mislukking. Dit was veral te wyte aan hulle leier, Parker, 'n onverstandige en selfsugtige spekulant. Toe hy sien dat daar min kans vir hom was om deur handeldrywe gou geld te maak, het hy die Kaapse regering begin aanval. Veral teen Bird, die opvolger van Alexander as koloniale sekretaris, het hy heftige en gemene beskuldigings geslinger. Hy het tekoop geloop met sy Protestantisme, en toe hy uitvind dat Bird 'n Rooms-Katoliek is, het hy 'n hele kampanjie teen hom by die Britse regering op tou gesit en geëis dat hy onder die bestaande Engelse wette, waarvolgens Rooms-Katolieke geen staatsbetrekkings mog beklee nie, van sy amp moes onthef word. Van hierdie geskiedenis sal ons later nog meer verneem.

Die Engelse en Skotse landverhuisers, ongeveer 3,000 altesaam, is tussen April en Junie 1820 in Algoabaai aan land gesit. „Settlers Town," 'n versameling van tente, het hier opgespring, maar weldra het dit weer verdwyn, want 'n aantal Afrikaanse boere met hulle waens was klaar om hulle nuwe landgenote na hulle nuwe woonplekke te vervoer, die Skotte onder Pringle na Bobbejaansrivier en die Engelse na die Suurveld. Vir baie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was die eerste kennismaking met die land 'n groot teleurstelling, en aan vriende in Engeland het hulle geskryf dat hulle hul besluit om te kom bitter berou. Selfs die bestes, manne met karakter, energie en kapitaal, het dit in die begin baie swaar gehad, en g'n wonder nie, want om ver van 'n goeie mark landboupioniers op die grens te word, en nogal op plasies vyftig morge groot, sou selfs vir mense met kennis en ondervinding van Afrikaanse toestande 'n moeilik oplosbare probleem gewees het. Om die ellende groter te maak, het roes die eerste oeste bederwe, en as die koloniale regering nie 'n helpende hand uitgesteek het nie, sou min van die setlaars op die been gebly het. Baie het hulle plase verlaat en as handwerkers en handelaars 'n beter bestaan probeer maak. Dit was 'n groot geluk dat die oorlog van 1819 voorlopig die Kafferinvalle gestuit het. Wat van die hele neersetting sou geword het, as dit in 1818 op tou gesit was, is 'n vraag wat ons liewers onbeantwoord laat. Een ding egter is seker, en dit is, dat die Britse immigrante ook baie dank verskuldig was aan dié geduldige burgers wat blootsvoets en sonder perde die Kaffers tot oor die Keiskammarivier help ja het, en wat na al hulle moeite nie onder dieselfde billike voorwaardes grond in die gesuiwerde Suurveld kon kry nie. Hieraan veral moet dit toegeskryf word dat Albanie vandag 'n byna suiwer Engelse landelike bevolking het.

Na die eerste paar swaar jare het dit met die setlaars beter begin gaan. Hulle het hul plase vergroot en vir hulle ook op die veeboerdery toegelê. Grahamstad het vinnig gegroei en 'n belangrike plek geword. Ook Bathurst is gestig, en Donkin, alweer 'n afwyking van Somerset se idees, het die kantoor van die landdros (die Engelse het hom 'n „magistrate'' genoem) van Grahamstad hierheen verskuif. Twee hawens was vir die nuwe boere beskikbaar, die mond van die Kowierivier, wat egter weens die ondiepte van sy toegang ondoelmatig geblyk het, en „die Baai,'' waar 'n aantal handelaars rondom Fort-Frederick gaan woon het. Sir Rufane Donkin het die naam van sy oorlede vrou aan hierdie stigting gegee, en die monument wat tot haar eer opgerig is, kan nog op „die Heuwel'' in Port Elisabeth gesien word.

§ 4. Sentralisasie word Outokrasie en wek Verset.

In baie opsigte was Somerset se politiek, om die invloed van sy administrasie sterker oor die land uit te brei, van groot voordeel vir die bevolking. In hierdie tyd, toe die landdroste deur 'n verbeterde posdiens en andersins meer in kontak met die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sentrale regering gehou is en die ou Hollandse stelsel van plaaslike selfbestuur deur heemrade, soos ons nog sal sien, aan die verdwyn was, het b.v. die stigting van elke nuwe drosdy op slot van sake beteken dat die goewerneur sy mag nader aan die deure van die koloniste gebring het, maar dit was tog ook in die belang van die betrokke bewoners dat nuwe administratiewe distrikte, soos Beaufort-Wes (1818) en Somerset-Oos (1825) afgebaken is en landdroste gekry het. Nog meer tevredenheid het die stigting van nuwe gemeentes met nuwe kerke gegee, b.v. Toringberg (in 1825 — later Colesberg), Pampoenkraal (in 1826 — later Durbanville) en Clanwilliam (1826), ofskoon ook in hierdie geval, soos later duideliker sal blyk, Somerset daarop uit was om 'n beter vat op die Hollandse bevolking te kry. Dit was egter nie langs hierdie weë dat die goewerneur se politiek van sentralisasie tot outokrasie ontaard het nie. Tot dié uiterste het hy in botsing met sy eie rasgenote gekom.

Dadelik na sy terugkeer in Kaapstad teen die end van 1821 het Somerset deur sy bars optree die een vyand na die ander vir homself gemaak. Donkin was die eerste. Somerset was baie boos op hom, omdat sy planne met betrekking tot die vestiging van die setlaars tydens sy afwesigheid nie stiptelik uitgevoer is nie; omdat die magistraat van Albanie na Bathurst verskuif is; omdat koloniste en selfs Kaffers tot die neutrale gebied tussen die Visirivier en die Keiskammarivier toegelaat is, en omdat Donkin dit gewaag het om sy seun, Henry Somerset, uit sy amp as landdros en bevelvoerder in Albanie te ontslaan en hom tot kommandant van Simonstad te benoem. Die teruggekeerde goewerneur het sy voorganger hoogs onbeskof behandel, wou hom as privaat persoon glad nie sien nie, en het hom skriftelik laat weet dat alleen offisiële mededelings van sy kant sy aandag sou geniet. Die verskuiwing van die drosdy na Bathurst is onmiddellik gekanselleer, ook die landdros deur Donkin benoem, majoor Jones, is teruggeroep, en 'n nuwe man, Rivers, is in sy plek in Grahamstad aangestel.

Die Engelse koloniste het dus gou gewaar geword dat daar nou 'n man aan die bewind was, wat nie na hulle wense sou vra of handel nie, en hulle was nie in 'n gemoedstemming om veel te verdra nie. Hulle oeste het weer baie onder roes gely, en die onverstandige grenspolitiek van Donkin het nuwe Kaffermoeilikhede in 1822 ingelei. Makoma, 'n seun van Gaika, was langs die Katrivier gevestig, en sy mense sowel as ander Kaffers nader aan die see het weer die bestaan van die grensbewoners onveilig begin maak. Die toestand was weldra so erg, dat kom-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mando's opgeroep moes word om die rusverstoorders te stuit, en die nuwe grensbevolking het hulle eerste kans gekry om te toon wat hulle hiertoe kon bydra. Die „Albany Levy'' het egter maar min op die oorlogsveld uitgerig, en die Hollandssprekende burgers moes die spit vir hulle afbyt. Die neutrale gebied is weer op 'n manier skoongemaak, en Fort-Beaufort is by die Katrivier aangelê as 'n bolwerk teen die noordelike Kosavleuel, maar baie bevredigend het die toestand nie weer geword nie, veral omdat Somerset sy grenswag nie sterk en deeglik genoeg kon maak nie. Sy finansiële beleid was swak, en die Britse regering, uit vrees vir tekorte, wou hom nie soveel geld aan grensverdediging laat uitgee as hy nodig geag het nie, en het hom ook met swak soldate afgeskeep. Maar om terug te keer na die setlaars; — hulle het in hierdie oorloggie, dis waar, nie uitgeblink nie, maar in 1822 het hulle 'n ander stryd begin, 'n stryd waarin hulle wel geoefen was en baie groot voordele vir Suid-Afrika behaal het.

Baie min van die nuwe koloniste het in Engeland die reg gehad om by parlementêre verkiesings te stem (dit was in 1820 nog grotendeels 'n monopolie van die grootgrondbesitters daar), maar aan die voorreg om op vergaderings en in koerante met klagte en opienies voor die dag te kom, was hulle gewend, en die juriestelsel het hulle tereg as 'n bolwerk van die Britse vryheid beskou. Hulle was nie van plan om in Suid-Afrika minder vry te word as wat hulle in Engeland gewees het nie. Hulle het trouens hierheen gekom om hulle posiesies te verbeter, nie om dit te versleg nie. Dit was alleen te betreur dat hulle geneig was om alle instellings wat nie Engels was nie, b.v. selfs die ou Hollands-Romeinse Reg, wat vir geen ander regstelsel hoef agter te staan nie, as minderwaardig te beskou. Hieroor egter later meer; ons het nou te doen met hulle verset teen Somerset. In Bathurst het hulle 'n vereniging gestig, 'n sogenaamde „Cultural Society,'' maar ook hulle griewe teen die regering is daarin gelug. Hulle was o.a. baie ontsteld, omdat Somerset hulle rantsoene gestaak en die drosdy nie in hulle eie dorpie, Bathurst, gelaat het nie. 'n Proklamasie teen die hou van vergaderings is hierop uitgevaardig. Die setlaars wou hulle natuurlik nie hieraan onderwerp nie, en invloedryke mense in Engeland het die agitasie teen Somerset gesteun, sodat sy outokratiese beheer reeds in 1822 in die Britse parlement bespreek is, met die gevolg dat 'n parlementêre kommissie bestaande uit twee manne, Colebrooke en Bigge, na Suid-Afrika afgevaardig is om sake hier te ondersoek. In Julie 1823 het hulle in Simonstad aangekom.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hierdie belangrike stap was die gevolg van 'n toenemende ontevredenheid in regeringskringe in Engeland teen lord Charles Somerset, nie alleen omdat hy die koloniste hier onderdruk het nie maar veral omdat sy administrasie baie geld gekos het. Die suspiesie het ook bestaan, dat hy by die uitgee van hierdie geld sy eie voordeel nie uit die oog verloor het nie. Onder sulke omstandighede moes hy versigtig geloop het, maar daarvoor was hy te trots en eiegeregtig, en hy het hoe langer hoe krasser opgetree. Sy stryd met die pers is hiervan 'n voorbeeld.

Tot 1823 was die Regeringskoerant die enigste gereelde publikasie wat in Suid-Afrika verskyn het. In 1822 gaan Pringle, 'n gebore skrywer maar geen boer nie, hom in Kaapstad vestig. Hy word tot regeringsbibliotekaris en onderwyser aangestel, maar onder die goedkeuring van die goewerneur tref hy reëlings om daarby ook joernalis te word. Met John Fairbairn en ds. Abraham Faure rig hy 'n tweetalige maandblad op, die „South African Journal," die Hollandse ediesie waarvan die „Nederduitsche Zuid-Afrikaansche Tijdschrift" geheet het. Met 'n drukker, George Greig, kom hy en Fairbairn verder ooreen om ook 'n weekblad, die „South African Commercial Advertiser" uit te gee. In verband met al hierdie publikasies moes 'n belofte aan Somerset afgelê word dat kontensieuse politieke aangeleenthede nie bespreek sou word nie. Nou was daar ongelukkig juis in hierdie tyd 'n baie opsienwekkende hofsaak in Kaapstad aan die gang. Twee blaaskake van die eerste water, Burnet, 'n bankrot setlaar wat o.a. met Henry Somerset in Botsing gekom het, en Edwards, 'n gedroste bandiet (soos later geblyk het) wat in Kaapstad as prokureur werksaam was, is weens belediging van regeringspersone in die Hoë Geregshof vervolg. Albei is verban, en Burnet het uiteindelik in Londen aangekom, waar hy die vuur teen Somerset help aanblaas het.

Onder die Engelse koloniste in Suid-Afrika was daar veel simpatie vir die twee vryheidshelde, en in Mei 1824 het die fiskaal 'n borgtog van Greig geëis en ook insage in die drukproewe van die rapport van die hofsitting. Greig was nie van plan om onder so 'n kontrole sy blad voort te sit nie, en in die volgende uitgawe het die volgende kennisgewing verskyn: „His Majesty's Fiscal having assumed the censorship of the South African Commercial Advertiser, we find it our duty as British subjects to discontinue the publication *for the present,* until we have applied for redress and direction to His Excellency the Governor and the British Government."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In die laaste vier woorde het die angel vir lord Charles Somerset gesit. Die hele agitasie was eintlik teen hom gerig, en sy antwoord het dadelik gevolg. Op sy bevel is die koerant van regeringsweë gestop, en aan Greig is meegedeel dat hy binne 'n maand die Kolonie moes verlaat. Ook hy het na Londen gegaan om die saak van die vryheid, nie alleen van die pers nie, maar ook van die onderdaan te gaan bepleit. Pringle het hom weldra daarheen gevolg. In die *South African Journal* het ook in hierdie tyd artiekels verskyn wat nie in Somerset se kraam gepas het nie, b.v. één oor die manier, waarop die uitstuur en vestiging van die Britse setlaars deurgevoer is. „This ill planned and ill conducted enterprise," het dit daarin geheet, en al die euwels in verband daarmee word toegeskryf aan „an arbitrary system of Government." Die fiskaal het ook hier ingegryp, maar Pringle wou hom nie aan bande laat lê nie, en in 'n heftige onderhoud met die goewerneur het hy geweier om met die *Journal* voort te gaan.

Dis wel waar dat die redaksies van hierdie twee blaaie hulle nie stiptelik aan hulle oorspronklike beloftes gehou het nie, en dis ook jammer dat die aangeklaagdes in die Burnet-Edwards-hofsaak geen aanspraak op oordrewe bewondering kon maak nie, maar beloftes deur 'n dwingeland afgepers, staan nie baie vas nie, en die teenwoordigheid van onwaardige persone in die geledere van mense wat vir edel beginsels stry, verminder nie die waarde van sulke beginsels nie. Dit het hier waarlik gegaan om die vryheid van die pers, die vryheid van die burger om sy regering te kritiseer en sy reg op 'n onpartydige en billike verhoor. Dis aan die een kant jammer dat die eerste Hollandse blad hom nie met hierdie stryd ingelaat het nie. Ds. Faure het meer as woord gehou. In die Suidafrikaanse Tydskrif het geen „politiek" ingesluip nie, en lord Charles Somerset het g'n haar gryser geword van die preke en ander stigtelike en leersame stukke wat daarin verskyn het nie. Selfs nog in die tyd van die Groot Trek was sulke artiekels die hoofsom van sy inhoud, en van die bewegings van die Trekkers word slegs van tyd tot tyd met enkele woorde melding gemaak.

Lord Charles Somerset, wat in sy stryd met die pers briesend geword het en hom so sterk oor Pringle en Fairbairn, die „inveterate Radicals," uitgelaat het, dat selfs sy Tory-vriende in Engeland hulle skouers daaroor moes optrek, het intussen daarin geslaag om nog 'n belangrike vyand na Engeland terug te stuur. Die koloniale sekretaris, Bird, 'n baie deeglike en eerlike beampte, het hom verstout om die goewerneur te oppo-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

neer in sy plan om die Hottentot-regiment, waarvan Henry Somerset die bevelvoerende offisier was, uit te brei. Die staatsfinansies was in so 'n treurige toestand, dat Bird vir die addisionele uitgawe van £4,000 vir hierdie doel teruggedeins het, en hy was oortuig dat dit die goewerneur meer daarom te doen was om sy seun tot 'n hoër offisiersrang en -salaris te bevorder as om die verdediging van die land te verbeter. Die bogenoemde Parker is dus in sy agitasie teen Bird deur Somerset gesteun, en Bird het in 1824 sy ontslag gekry. Die ekskuus was dat hy as Rooms-Katoliek nie Engelse staatsbeampte mag wees nie, maar hy het nooit 'n geheim van sy godsdiens gemaak nie, en hy het dieselfde eed afgelê wat destyds in die geval van Rooms-Katolieke staatsbeamptes in Kanada as voldoende gegeld het. Dit het hom alles egter niks gehelp nie; hy moes trap; en die koor in Engeland teen die Kaapse goewerneur het 'n nuwe stem bygekry.

Ook met die Britse regering het Somerset sy saak meer en meer verbrou. Soos reeds aangemerk is, was Bathurst en sy kollegas nie tevrede met sy finansiële beleid nie, en 'n paar dinge het hom in 'n lelike lig laat verskyn. Daar was die geval van sy salaris. In 1814 toe die riksdaler op 2/3 gestaan het, laat hy aan hom 'n som van 22,500 rds. te veel aan salaris uitbetaal. Na baie moeite is hy gedwing om dit in 1824 terug te betaal, maar toe staan die riksdaler op 1/6, en hy het nogal die rente op die 22,500 riksdalers ook vrygespring.

Dan was daar ook nog die geval van die perd *Sorcerer*. Somerset het hom baie vir die perdeboerdery geïnteresseer, en het veel daartoe bygedra om die perderas hier te verbeter, maar dis altyd 'n gevaarlike ding as 'n regeerder, en nogal 'n outokratiese regeerder, handelaar word. Hy kan maklik in verdenking kom dat hy sy offisiële mag gebruik om sy private handelsbelange te bevorder. En dit het dan ook met Somerset gebeur. Een van sy agente het met 'n ryk weduwee Louw van die Hantam oor die verkoop van 'n pragtige Engelse hings, *Sorcerer*, onderhandel. Gelyktydig het haar verloofde, Redelinghuys, by die regering om 'n plaas aansoek gedoen. Albei transaksies het deurgegaan; mevr. Louw het vir 10,000 riksdalers 'n mooi perd van die goewerneur gekoop, en Redelinghuys het sy plaas gekry. Na ondersoek het geblyk dat daar geen rede was om hierdie twee dinge met mekaar in verband te bring nie, maar onaangename gerugte het rondgegaan, en Bathurst was vererg dat die Kaapse goewerneur die eer van sy hoë amp so blootgestel het.

As gevolg van baie oorsake het Somerset dus agting en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

steun verloor, en in Maart 1825 het 'n lid in die Britse parlement onder applous aan 'n taamlik algemene gevoel van ontevredenheid as volg uitdrukking gegee: „There is no British Colony which has so much reason to complain of its governor as the Cape of Good Hope; none in which the settlers have been more oppressively or unjustly treated; and no governor whose arbitrary and highly improper conduct is more to be reprobated than Lord Charles Somerset."

Intussen was die twee kommissarisse besig met hulle ondersoek in Suid Afrika. Hulle opdrag was baie wyd. Nie alleen oor Somerset se beleid nie, maar oor die hele regeringstelsel en aan verwante sake soos finansies moes hulle verslag doen, en lywige rapporte het dan ook van tyd tot tyd uit hulle verrigtings voortgevloei. Hulle verhouding tot Somerset was, veral in die begin, heeltemal vriendskaplik, en die koloniste was teleurgestel met hulle optree. Hulle eerste belangrike aanbeveling in sake die hervorming van die sentrale regering was vir hom dan ook baie gunstig, en die sogenaamde Raad van Advies wat daaruit gevloei het en waartoe die Britse regering in die begin van 1825 besluit het, het die mag van die goewerneur nie baie beperk nie. Dit het uit die hoofregter, die militêre bevelvoerder, die koloniale sekretaris en drie ander hoê beamptes bestaan, en die goewerneur moes voortaan al sy proklamasies voor hulle lê, maar hy kon ook teen die besluit van die meerderheid handel. Hy was die voorsitter, en alleen onderwerpe deur hom aangegee kon bespreek word. Die vergaderings is met geslote deur gehou, en die lede moes 'n eed van geheimhouding aflê. Die hele instelling was op slot van sake niks meer nie as 'n terugkeer tot die ou Hollandse Politieke Raad. 'n Belangrike konstitusionele voorwaartse stap was dit nie, en Somerset kon tevrede wees met sy Torymeesters.

'n Twede konstitusionele uitvloeisel van die kommissarisse se ondersoek het die goewerneur veel gevoeliger getref. Teen die end van die jaar 1825 ontvang hy 'n berig van Bathurst dat die oostelike distrikte van die Kaapkolonie 'n aparte provinsie onder 'n luitenant-goewerneur sal vorm, en dat generaal Bourke as sulks aangestel is. Hierdie besluit was in ooreenstemming met die wense van die Britse koloniste in Suid-Afrika, maar was ook 'n bewys van die mate van ontevredenheid wat die klagtes teen Somerset in Engeland verwek het. Die gevoel teen hom het baie hoog geloop, en in die begin van 1826 is hy deur Bathurst na Engeland ontbied om sy gedrag persoonlik te verduidelik. Vóór sy vertrek moes hy nog 'n verdere neerlaag ly. In 1825 het Greig teruggekeer met Bathurst se verlof om, on-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

derhewig aan sy genoemde belofte, met die uitgee van die *Commercial Advertiser* voort te gaan. Hy het skynbaar nie veel gewen nie, maar die volharding wat hy en sy vriende, Fairbairn en Pringle, aan die dag gelê het, is tog uiteindelik met sukses bekroon. Die Suid-Afrikaanse pers is nie weer in vredestye aan bande gelê nie, en skrywers kon voortaan alleen onder die gewone wette van die land, soos b.v. dié op laster, vervolg word.

Toe Somerset in 1826 in Engeland aankom, was hy nog in naam goewerneur van die Kaap, maar Suid-Afrika het hom nie weer gesien nie. In 1827 het hy sy goewerneursamp neergelê, en in 1831 het hy gesterf — onder 'n wolk van klagtes, wat nooit behoorlik ondersoek is nie.

§ 5. Somerset die Sondebok.

Somerset is deur sy eie rasgenote tot sy val gebring. Onder hulle was manne van invloed wat vaardig was met die pen, en hulle het 'n tradiesie geskep, waarvolgens al die onderdrukking in sy tyd sy werk was. Hierdie tradiesie het later ook onder die Hollandssprekende Afrikaners ingang gevind, maar afgesien van sy groot en onherstelbare fout van 1815 en 'n paar ander sake, het hy hulle besondere belange veel minder aangetas as algemeen geglo word. Sy Kafferpolitiek was in baie opsigte 'n verbetering op die van Cradock, die vriend van die grensboer, en ons sal later sien dat hy ook ten opsigte van die slawe 'n gesonde program gehad het. Ons moet billik in ons oordeel wees en, by hierdie verdere uiteensetting van maatreëls in sy tyd getref, die skuld of die krediet regverdig verdeel.

Somerset was natuurlik ten gunste van anglisasie, maar, wat dit betref, het hy slegs gedink en gehandel, soos sy voorgangers gedink het en wou handel, en altyd onder die opdrag of met die goedkeuring van sy meesters in Engeland en van die groot meerderheid van sy rasgenote daar en hier. Toe hy in 1820 in Engeland op verlof was, het hy met Bathurst 'n plan bespreek om Skotse predikante en Engelssprekende onderwysers vir die Kaap te kry, en die resultaat was dat kerkmanne soos Andrew Murray, Henry Sutherland, Colin Fraser en George Morgan uitgekom het, en dat James Rose-Innes in Uitenhage en ander onderwysmanne in Stellenbosch en ander dorpe die lig van kennis kom versprei het. Somerset wou werklik op hierdie manier die belange van die Afrikaanse bevolking bevorder, en veral as ons aan sy ingevoerde predikante dink, moet ons met dankbaarheid erken dat hy deur hulle ontsaglik veel tot die opbou van Kerk en Volk bygedra het. Ons mag

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

egter ook nie in onkunde daaromtrent gelaat word dat ons hier met 'n doelbewuste poging te doen het om die Hollandssprekende deel van die Afrikaanse bevolking te verengels nie. Somerset het self geen geheim daarvan gemaak nie. Op 5 Julie 1822 het hy op las van Bathurst die bekende proklamasie uitgevaardig, waarvolgens Engels die enigste offisiële taal van die Kolonie sou word, en in die aanhef daarvan word duidelik gesê dat die Engelssprekende predikante en onderwysers met die oog op so 'n maatreël ingevoer was.

Die inhoud van hierdie ingrypende verordering was kortliks as volg: Engels sal, as die enigste offisiële taal van die land, uitsluitend gebruik word in al die geregshowe vanaf 1 Januarie 1827, in die ander publieke kantore vanaf 1 Januarie 1825 en in die stukke en korrespondensie van die regering vanaf 1 Januarie 1823. Dit het egter geblyk dat die eerste deel van hierdie bevel nie so gou kon uitgevoer word nie, en regters, landdroste en heemrade is nog in 1828 toegelaat om Hollands in hulle verrigtings te gebruik.

Dit spreek vanself dat ons hier met 'n groot agteruitsetting van die Hollandssprekende Afrikaners te doen het. Voortaan het hulle as vreemdelinge in die landskantore verskyn. Dat hulle nie meer gemurmureer het nie, is merkwaardig; maar hulle het ook vrywel hulpeloos teenoor 'n vreemde regering gestaan. Vir hulle, hoe diep getref in hulle belange en eer, sou geen stemme in Engeland opgaan nie; en die kuns om op kommando die bewondering van 'n goewerneur af te dwing het hulle beter verstaan as die kuns om protesvergaderings te hou. Ons moet ook verder daaraan dink dat 'n regeringsmaatreël soos hierdie nêrens in Europa destyds opspraak sou verwek het nie, en ons moet veral nie in verband daarmee 'n groot sondebok van Somerset maak nie. Hy het slegs uitvoering gegee aan 'n opdrag wat die algemene steun van sy meesters in Engeland en van sy rasgenote geniet het. Dit was bedoel as 'n verbetering, „an amelioration."

Van veranderings, wat deur al die Suid-Afrikaanse koloniste as verbeterings beskou is, moet ons nou melding maak. Dit was ook op die gebied van die regspraak. Vir die nuwe Engelse burgers van ons land, vóór en na 1820, was die hele regstelsel wat hulle hier aangetref het, vreemd en verdag. Nie alleen die samestelling van die howe en die manier waarop 'n verhoor plaasgevind het nie, maar ook die wetstelsel wat in die howe toegepas is, wou baie van hulle verander hê. Alles moes Engels word — administrasie, inrigtings, prosedure en wette. Die regering het egter 'n verstandige weg gevolg en alleen op

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die gebied van regterlike administrasie en prosedure veranderings ingevoer. Die Romeins-Hollandse reg is nie van die troon gestoot nie. Baie Engelse regsbegrippe is wel deur Engelse regters en advokate, wat nie veel van Romeins-Hollandse reg afgeweet het nie, gedurende die negentiende eeu hier ingevoer, maar die ou grondslag is nie verander nie, en ons regsgeleerdes moet nog altyd, as hulle hul werk behoorlik wil doen, na die *Corpus Juris* en Voetsius teruggaan.

Die instelling van rondgaande howe deur Caledon is 'n voorbeeld van 'n verbetering in die regsadministrasie. 'n Proklamasie van Cradock, wat aan die ou hofsittings met geslote deur 'n end gemaak het, was 'n ander voorbeeld hiervan. Nou kon die publiek self oordeel of dit by 'n verhoor billik toegaan. In 1827 volg dan die sogenaamde „Charter of Justice," wat 'n uitvloeisel van die werk van die Kommissie van Ondersoek was en baie ingrypende veranderings ingevoer het. Daarin word voorsiening gemaak vir die skepping van 'n nuwe onafhanklike Hoë Geregshof. Al die regters sou voortaan opgeleide vakmanne van naam wees en deur die kroon aangestel word. Die ou stelsel, waarvolgens die goewerneur aan een of ander beampte naas sy ander werk die regterskap kon opdra, en waaronder onbehoorlike beïnvloeding van die regspraak deur die goewerneur nie uitgesluit was nie, het nou vir goed verdwyn. Verder word bepaal dat kriminele sake voor 'n regter en 'n jurie moet dien, en so word dan hierdie groot bolwerk van die Britse vryheid, die juriestelsel, ook in Suid-Afrika ingevoer. Ook die Hollandsprekende koloniste het dit hartlik verwelkom. Hulle het dit baie op prys gestel, en ons sal nog vind dat die Voortrekkers dit met hulle saamgeneem het. Daar was eers onsekerheid of mense wat nie Engels ken nie op juries kon dien, maar 'n spesiale ordonnansie het vasgelê dat niemand weens sy onkunde van die offisiële taal van 'n jurie mog verwyder word nie, en deur tolke is al die jurielede omtrent die verrigtings ingelig. In die „Charter" is ook neergelê dat terwyl die regsprosedure, d.w.s. die manier waarop 'n beskuldigde of getuie sy getuienis aflê en onder kruisverhoor geneem word, ens., volgens die Engelse gebruik moes geskied, die Romeins-Hollandse reg van toepassing sou bly. Eindelik is dan ook nog die instelling van rondgaande howe in hierdie uiters belangrike ordonnansie geïnkorporeer, en 1 Januarie 1828, toe dit in werking getree het, is seker een van die belangrikste datums in die geskiedenis van ons regspraak.

Sulke goeie werk het die Tories gedaan, en ons moet erken dat hulle, terwyl hulle besig was om die administrasie strawwer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te organiseer, ook groot weldade aan die hele Kolonie bewys het. Die feit bly egter dat hulle in hulle konstitusionele politiek doelbewus daarop uit was om die mag van die sentrale regering te versterk. Vir plaaslike selfbestuur het hulle, in Suid-Afrika in elk geval, nie veel gevoel nie. Dit blyk baie duidelik uit 'n ander uitvloeisel van die werk van die Kommissie van Ondersoek, wat as 'n ordonnansie van die Kaapse regering in Desember 1827 afgekondig is. Dit het die howe van landdroste en heemrade vanaf 1 Januarie 1828 afgeskaf. Ook die Burger-Senaat van Kaapstad het verdwyn. In die buitedistrikte het nou magistrate in die drosdye geheers. Sonder die verpligting om verteenwoordigers van die koloniste te raadpleeg moes hulle onder instruksies van die sentrale regering die wette administreer, belastings invorder en die laer regspraak waarneem, en die goewerneur met sy raad het dus 'n mate van mag oor die hele Kolonie gekry, meer direk en uitgebrei as selfs dié waaroor vader Tulbagh in sy tyd beskik het. Die instelling van vrederegters het hieraan nie veel verander nie, en die bevel van die Britse regering om twee vooraanstaande koloniste in die sentrale regeringsraad die plekke van twee beamptes te laat inneem, het ook nie veel beteken nie. Ons weet reeds dat die mag van die goewerneur nie deur die instelling van die raad baie beperk was nie, en as ons verder hoor dat sir John Truter en kaptein Andries Stockenström in 1828 die belange van die koloniste daarop gaan verteenwoordig het, dan mag ons wel twyfel of die raad deur hulle teenwoordigheid minder offisiëel geword het. Truter was tot die end van 1827 hoofregter gewees, en Stockenström, die landdros van Graaff-Reinet en kommissaris-generaal van die nuwe oostelike provinsie, het in die staatsdiens groot geword. Met die vernietiging van die laaste reste van plaaslike selfbestuur het die politiek van sentralisasie sy toppunt bereik, en dis goed om daaraan herinner te word dat Somerset niks daarmee te doen gehad het nie. Hy het trouens teen die afskaffing van die ou stelsel van landdros en heemrade gestaan. Ons kom egter nou tot die ander maatreël, waardeur die belange van die koloniste ook benadeel is, en waarby hy wel tot 'n seker mate medepligtig was.

In 1814 het die riksdaler op ongeveer 2/3 gestaan; in 1818 was die prys 1/9; in 1824, 1/6. Waaraan moet hierdie gedurige daling toegeskryf word, en hoedanig was die ekonomiese toestand wat daardeur aangedui word? Ons sal hierop probeer antwoord en sodoende tot die maatreël kom wat soewe genoem is.

Dis baie problematies of Cradock, as hy langer hier gebly het, in staat sou gewees het om sy „annihilation policy'' deur

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te sit en die riksdaler in waarde te herstel, maar hy het tog die erns van die finansiële toestand helder ingesien en was beslis van plan om dit desnoods deur kragtige middels te verbeter. Somerset daarenteen het onmiddellik na sy aankoms tou-opgegooi, of, beter gesê, hy het hom nie oor die noodsaaklikheid van besuiniging bekommer nie. Die toename van die bevolking, die stigting van meer drosdye en kerke, die hulpverlening aan Britse setlaars, die Kafferonluste, ens., het onvermydelik die regeringskoste verhoog, maar Somerset se slegte finansiële beleid het ook nog onnodige laste daaraan toegevoeg, en dit was g'n wonder dat hy geen kans gesien het om riksdalers te vernietig nie. Hy sou inteendeel graag nog meer gemaak het. Daartoe het hy gelukkig nie die reg gehad nie, maar die Britse regering het hom toegelaat om dadelik die „annihilation policy" van sy voorganger oorboord te gooi. Hier het ons dan een oorsaak van die daling van die riksdaler na 1814. Die gevolge van die inflasie van die voorafgaande paar jaar het nog voortgewerk, omdat Somerset roekeloos spandabel was en niks gedaan het om hulle teen te werk nie.

Inflasie was egter nie die enigste aanleiding tot die voortgesette waardevermindering van die riksdaler nie, en tot die verdere oorsake daarvan het Somerset niks bygedra nie. Hy het inteendeel geywer om hulle uit die weg te ruim. Ons weet dat 'n nadelige handelsbalans ook tot waardevermindering van geld lei, en na 1821 veral kon Suid-Afrika werklik nie sy hele skuld na buite toe vereffen nie. Die Britse regering, wat ook met 'n minderwaardige pond en met 'n groot oorlogskuld gesukkel het, dring op besuiniging aan en verminder die Kaapse garnisoen. As gevolg kom daar minder Engelse wissels na die Kaap. Na die dood van Napoleon op Sint Helena in 1821 word die garnisoen ook daar sterk verminder; baie minder Kaapse produkte kon daarheen gestuur word; en die aantal Engelse wissels word dus nog kleiner. Somerset het met die oog op sy naturellepolitiek die vermindering van die Kaapse garnisoen heftig bestry, maar die Britse regering wou nie na hom luister nie. Die endresultaat was dat die riksdaler as gevolg van inflasie en 'n slegte handelsbalans dieper en dieper gesink het. Vir die koloniste in die algemeen het 'n baie ernstige tyd aangebreek. Hulle moes hoë pryse vir ingevoerde artiekels betaal, en terwyl die boere 'n slegte mark vir die afset van hulle produkte gekry het, ly ook die gesalarieerde klasse onder die verlaagde koopkrag van die riksdaler.

Teen die jaar 1825 was die finansiële vooruitsigte van die kolonie alles behalwe rooskleurig, en juis toe gryp die Britse

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

regering met 'n maatreël in, wat op die lange duur daartoe bygedra het om die ekonomiese toestand te verbeter, maar wat die algemene bekommernis verskerp het. In verskillende dele van die Britse Ryk het die betaling van die garnisoensoldate eienaardige moeilikhede vir die imperiale regering opgelewer, omdat die soldy in allerhande geldsoorte van veranderlike waarde moes omgesit word. Die tyd het ryp gelyk om die Engelse geldsisteem orals in die kolonies in te voer, waar dit enigsins moontlik was, en dat Suid-Afrika met sy sinkende inheemse geldwaarde aan die wyer imperiale dekreet onderwerp moes word, was natuurlik onvermydelik. Die brandende vraag was egter: op hoeveel sal die verhouding van die riksdaler tot die pond vasgestel word. In 1825 het die antwoord gekom. Op las van die Britse regering is op 6 Junie 'n ordonnansie deur Somerset uitgevaardig, wat die Engelse geld as wettige betaalmiddel ingevoer en die waarde van die riksdaler op 1/6 gestabiliseer het. Die oorslaan na die nuwe geldbasis het as volg geskied. Die Britse regering het 'n som van omtrent £270,000 in Engelse geld aan die Kaapse regering voorgeskiet, en dit is aangewend om langsamerhand die plek in te neem van die riksdalers wat, teen 1/6 gereken, in die regeringskas gevloei het en vernietig is.

Die party wat by hierdie transaksie swaarste gely het, was natuurlik die koloniale regering, wat met 'n skuld van meer as 'n kwart-miljoen pond opgeskeep gesit het. Die Britse outoriteite was gelukkig baie genadig in hulle berekening van die rente, maar aangesien hulle in 1811 die Kaapse inflasie toegelaat het en daarna groot voordele vir die Britse skatkis daaruit getrek het, moet ons hulle vriendelike tegemoetkoming ook as 'n soort van kompensasie beskou. Vir die Kaapse geldmanne wat b.v. geld op verbande uitgeleen het, toe die riksdaler sê op 2/- gestaan het, was die stabilisasie op 1/6 werklik 'n ernstige saak. Die kans om tydens 'n moontlike styging van die riksdaler hulle verliese weer goed te maak, was vir altyd verby. Somerset het met nadruk, maar sonder sukses, hulle belange by die Britse regering bepleit. Die boere wat geld gebêre het, het natuurlik ook armer geword en gebly, maar so gevoelig soos die kommersiële klasse is hulle nie getref nie. Dis derhalwe enigsins vreemd dat onder hulle ook groot ontevredenheid oor hierdie maatreël geheers het. Hulle het waarskynlik hulle geloof aan die oorspronklike waarde van die riksdaler behou en dit onbillik gevind dat dit vir altyd tot minderwaardigheid gedoem was. Buitendien het die eienaardige verskynsel hom voorgedoen dat die waarde van plase met die daling van die riksdaler afgeneem het, en baie grondbesitters was waarskynlik in 1825, ook

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

as gevolg van die waardevermindering van die Kaapse geld, armer as in 1815 of vroeër.

Ons sien dus dat teen die end van die jaar '20 baie dinge saamgewerk het om die koloniste ontevrede en ongerus te maak. Dit was 'n kritieke tyd. Ongerustheid en ontevredenheid het onder wye kringe geheers, en die neiging om lord Charles Somerset vir alles te blameer word aangetref, maar ons weet nou dat hy nie alleen vir die euwels van sy tyd aanspraaklik mag gehou word nie. Dis trouens altyd verkeerd om breë ontwikkelingsrigtings en die gesamentlike lotgevalle van 'n volk, of hulle gunstig of ongunstig is, aan één of ander persoon of liggaam toe te skryf. Die enkeling kan daar nie te veel aan verander nie. Veral was dit in hierdie tyd die geval in Suid-Afrika, wat soos ons nou weer sal sien op 'n besondere manier onder beïnvloeding van groot wêreldbewegings gely en gegroei het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

BOEK II.

LIBERALISME EN NASIONALISME, 1826 — 1870.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

HOOFSTUK 1.

DIE BEGIN VAN DIE LIBERALE TYDPERK.

§ 1. Hoe 'n Nuwe Stryd om die Vryheid voorberei is.

Terwyl die konservatisme orals in Europa hoogty gevier het, was daar kragte aan die werk wat in baie lande die onderdrukte vryheid weer sterk sou laat herleef. Met sommige van hierdie kragte het ons reeds kennisgemaak. Ons dink b.v. aan die Industriële Omwenteling, en in verband daarmee moet hier nog net daarop gewys word dat die nuwe ekonomiese ontwikkeling met al sy voor- en nadele na 1815 ook na die ander Europese lande, veral Frankryk en Duitsland, oorgedra is en daar langsamerhand soortgelyke gevolge as in Engeland gehad het. Ook die filantropiese beweging het voortgeleef en naas sendingywer en verset teen die slawerny ook meegevoel met die armoedlydende klasse in Europa wakker gehou. Die menslike gevoel wat gedurende die agtiende eeu eers so sterk op die agtergrond moes tree, het nie weer ingesluimer nie. Dit blyk ook uit die letterkunde en ander geestelike produkte van hierdie tyd.

Rousseau, met sy gloeiende filosofie van die vryheid; Wordsworth, Coleridge en Burns, met hulle gevoelvolle en natuurlike gedigte, en ander skrywers het die weg gebaan vir 'n groot letterkundige herlewing wat die Romantiek genoem word. Dis moeilik om hierdie beweging, wat ook op die kuns sy stempel afgedruk en vir 'n groot deel die geestelike lewe tot diep in die neëntiende eeu beheers het, in 'n paar sinne te beskrywe, maar die grondtoon daarvan was die verheerliking van die natuur en van menslike krag en frisheid. Die neiging was nie soseer om die lewe te beskryf nie, as om dit te idealiseer, en met voorliefde is gebeurtenisse uit die jeug of heldetyd van die eie volk daarvoor gebruik. Dis asof die romantiese skrywers, deur die lelikheid en wreedheid van die fabriekstede afgeskrik, hulle van die werklikheid om hulle afwend en in die natuur of die verlede of selfs in fantastiese droombeelde verkwikking soek; maar dit was juis omdat hulle aan 'n ideale

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

menslike lewe, vol van skoonheid en geluk, warmte en kleur, geglo het; en ons kan dan ook maklik begryp dat geesdrif vir die vryheid van die mens en vir die nasionale grootheid en geluk van die eie volk nie by hulle ontbreek het nie. Die vryheidsaad van die Franse Omwenteling is dus deur die Romantiek voortgeplant, en die nuwe leer van nasionalisme het op sy banier 'n ereplek gekry.

Dis natuurlik vir ons nie moontlik om in die ruimte tot ons beskikking die Romantiese beweging in besonderhede te vervolg nie, maar na enkele uitstaande figure daarin wil ons tog verwys. By Burns hoor ons reeds baie duidelik die grondtone van die Romantiek. Hy verlustig hom in die heerlikheid van die natuur; hy roem die skoonheid van sy vaderland en die grootheid van sy volk se verlede; en geen sanger voor of na hom het met meer krag en pittiger die maatstaf aangegee waarmee die waarde van 'n mens moet gemeet word nie. Rykdom, posiesie, rang en tietels kan misleidend wees, heet dit in sy bekendste gedig:

„The rank is but the guinea stamp;
The man's the gowd for a' that."

Burns se groot landgenoot, sir Walter Scott (1771 — 1832), het na hom, eers in gedigte (*The Lady of the Lake*) en daarna in historiese romans, die eerste van hulle soort, die hele beskaafde wêreld met boeiende en besielende taferele uit die Britse verlede verryk. Ook Byron (1788 — 1824), wat sy lewe in 'n nasionale vryheidstryd opgeoffer het, en Shelley (1792 — 1822) en Keats (1795 — 1821), vertolkers van die natuur en aanbidders van die skoonheid, het as digters blywende wêreldroem verwerf. Van later datum is Longfellow (1807 — 1882), die Amerikaner, met sy eg romantiese gedig, *Hiawatha,* waarin natuurbewondering en idealisering van die Indiane hand-aan-hand gaan; asook Tennyson, die groot Engelse digter van die middel van die negentiende eeu, wie se uiters idealistiese *Idylls of the King* vol edel besieling veral vir die jeugdige gemoed is.

Op die vasteland van Europa het die Romantiek iets later as in Engeland tot groot krag en omvang ontwikkel, maar voorlopers uit die agtiende eeu was ook hier aanwesig. In Holland vind ons b.v. die groot digter Bilderdyk (1756 — 1831), wat tydens die Napoleontiese dwinglandy sy vaderland moes verlaat en die herstel van die Nederlandse vryheid hartstogtelik begroet het. Na hom kry ons hier Van Lennep (1802 — 1868) en mevr. Bosboom-Toussaint (1812 — 1886), wat onder die in-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vloed van Scott die groot verlede van Nederland in historiese romans verheerlik het.

Hulle Suid-Nederlandse tydgenoot, Hendrik Conscience (1812 — 1883), het hulle hierin bygestaan; en in die verbygaan wil ons net hier die hoop uitspreek dat die seuns en dogters van Suid-Afrika nog altyd besieling en lewenslus en geestelike verkwikking uit die ou meesterstukke van die Romantiek sal put, maar dat hulle nie sal nalaat om naas Scott se *Ivanhoe* ook b.v. *Het Huis Lauernasse* van Bosboom-Toussaint of *De Leeuw van Vlaanderen* van Conscience te lees nie.

In Duitsland het die Romantiese beweging baie en heerlike vrugte afgewerp, maar ons noem hier alleen Schiller se groot drama, *Wilhelm Tell.* Op 'n roerender, meer meeslepende manier van burgerlike heldemoed en getrouheid in belang van die volksvryheid moeilik voorgestel word, en Tell se woorde, „Verenig wil ons wees, 'n Volk van Broeders," sal hulle vermoë om nasionale geesdrif te wek seker nooit verloor nie.

Ook in Frankryk het Chateaubriand (1768 — 1848), 'n groot Romantiese skool van skrywers ingelei. 'n Blote opsomming van hulle name het geen doel nie, maar wie b.v. Victor Hugo se *Les Miserables* ken sal weet hoeveel medelye met armoede en ellende in die algemeen deur so 'n meesterstuk kan gaande gemaak word. Victor Hugo staan egter reeds op die drempel van 'n nuwe letterkundige skool, nl. die realistiese.

Soos reeds gesê is, het die Romantiese beweging hom oor 'n baie lang periode uitgestrek, en om 'n indruk van sy omvang te kry, was dit dus vir ons nodig om o.a. ook mense te noem wat nog in die twede helfte van die neëntiende eeu geleef en gewerk het. Hulle het natuurlik nie tot die eerste liberale en nasionale oorwinnings na 1815 bygedra nie, maar wel tot hulle verdere opbou en uitbreiding. Hierdie waarskuwing moet ook in die oog gehou word, waar ons nou van 'n paar voorlopers van die sosialisme, wat 'n vraagstuk van ons eie tyd is, moet melding maak. Nes in die geval van die Romantiek, was die sosialistiese idee egter reeds aan die begin van die neëntiende eeu, nie alleen gebore nie, maar ook kragtig werksaam, en ons sal sien dat dit 'n groot rol in die rewolusies van 1830 en 1848 gespeel het.

Wie vir homself 'n begrip wil vorm van wat gewoonlik onder sosialisme verstaan word, kan dit op 'n prettige manier doen deur b.v. sulke boeke soos die van H. G. Wells te lees. Daaruit sal duidelik wees dat alle sosialiste nie noodsaaklik teen alle privaat besit hoef te wees nie. Hulle ideaal is wel 'n staat, waarin selfs geen privaat grondbesit sal gevind

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

word nie, en al die burgers waarvan, boer, dokter, advokaat, mynwerker, sowel as onderwyser, transportarbeider, ens., staatsbeamptes sal wees. Hulle lê hulle egter in die eerste plek daarop toe om die grootkapitaal te bestry en om nasionale bedrywe, soos mynbou, transport (spoorweë en skeepslyne), groot fabrieke ens. onder staatsbeheer te bring of liewer onder 'n beheer wat eintlik in die hande van die arbeiders self berus. Die kommuniste wil veel verder gaan. Hulle wil alle eiendom afskaf, en die uiterstes onder hulle selfs die huwelik. Al die inwoners van 'n staat moet één groot gemeenskap van arbeiders vorm, die vrugte van hulle arbeid moet gemeenskaplike besit wees, en van hierdie vrugte moet almal gesamentlik lewe.

Die sosialistiese teorieë het in hierdie tyd hulle begin by Saint-Simon (1760 — 1825) gehad. Hy was 'n Frans-Spaanse edelman van hoë rang, wat as gevolg van die rewolusie sy groot vermoë kwyt geraak het, en na baie wisselvallighede, wat hom in nou kontak met die armer volksmassas gebring het, selfmoord gepleeg het. Hy was die eerste wat die konflik tussen die besitlose arbeidersklasse, die *peuple,* en die kapitaal-kragtige middelklasse, die *bourgeoisie,* op die voorgrond gestel het, en sy leer was dat hierdie konflik deur liefderyke onderlinge toenadering uitgemaak moes word.

Fourier (1772 — 1837), 'n ander Fransman, het die idee van „sosiale harmonie'' verder uitgewerk. Hy wou die ekonomiese lewe in groepe organiseer. Elke groep *(phalanx)* sou uit ongeveer 1,500 famielies bestaan, wat in 'n groot gemeenskaplike huis (phalanstère) met die nodige grond en werkgeleentheid daarby 'n gemeenskaplike bestaan sou voer. Hoe 'n dweper hy was, blyk uit die feit dat hy 'n publieke uitnodiging aan een of ander „Mensevriend'' om hom 'n miljoen francs vir die uitvoering van sy planne te gee, uitgestuur het en twaalf jaar lank elke dag na 'n bepaalde plek gegaan het om te sien of die vriend met die geld daar was.

Die kommunisme het ook met 'n Fransman, Proudhon (1809 — 1865) sy aanvang geneem. Sy leer word genoegsaam deur sy leuse, „Eiendom is diefstal,'' aangedui. Sy landgenoot, Louis Blanc (1811 — 1882) het met sy skema van staatswerkplekke *(ateliers sociaux)* 'n duideliker kommunistiese program opgestel. In die omwenteling van 1848 het hy die kans gekry om dit in die praktyk te probeer, maar dit was 'n treurige mislukking, omdat die sogenaamde arbeiders, wat onder sy leuse van hulle „reg op arbeid'' die geleentheid om te werk gekry het, nie genoegsaam van hulle „reg'' gebruik gemaak het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie, of in elk geval die *ateliers sociaux* nie selfonderhoudend kan maak nie.

Veel meer praktiese vooruitgang het die sosialisme in die tussentyd in Engeland gemaak. Dit was aan Robert Owen te danke. Die seun van 'n handwerker en in 1771 gebore, het hy fabrieksarbeider geword, en op twintigjarige leeftyd was hy bestierder van 'n katoenmeul in Manchester. Hy maak verder opgang, trou met 'n ryk fabrieksbesitter se dogter en neem sy skoonvader se fabriek in New Lanark oor. Met sy eie arbeiders eksperimenteer hy nou in die rigting van „sosiale harmonie," en hy het gewys dat dit in sy fabriek moontlik was. Hy het homself verantwoordelik vir die welsyn van sy mense beskou. Sy grondbeginsel was dat die profyte van sy fabriek vir die grootste gedeelte aan die belange van die werkers moes bestee word. Kinders onder tien jaar is nie in sy meule opgeneem nie, en hy het mooi moderne skole vir hulle gebou. Die werkplekke het hy so gesond en aangenaam moontlik gemaak, en geleenthede vir ontspanning en liggaamsoefening is verskaf. Selfs sulke hoogs moderne instellings soos 'n ko-operatiewe winkel en ouderdomspensioene kon in New Lanark aangetref word. As al die fabrieksbase van sy tyd en later Owen se voorbeeld gevolg het, dan sou ons nie veel van arbeidersonluste in die geskiedenis gelees het nie. Die feit dat hy in sy tyd geen noemenswaardige navolgers gekry het nie, het hom uiteindelik tot 'n heftige bestryer van die kapitalistiese fabriekstelsel gemaak. As gevolg van 'n mislukte poging om 'n arbeidskolonie op onselfsugtige beginsels in Amerika te stig, het hy verarm, maar tot sy dood toe in 1858 het hy met sy sosiale hervormingspropaganda voortgegaan, en hy het veel tot die bevordering van die Vakverbonde *(Trades Unions)* bygedra. Dit het beteken dat die arbeiders hulle in verenigings begin organiseer het om hulle belange teen die kapitalistiese eienaars te verdedig en om hulle voorregte uit te brei. *Trades-Unionism* het egters eers in die twede helfte van die neëntiende eeu 'n baie groot faktor in die Britse ekonomiese lewe geword.

Die liberale en sosialistiese idees het in die vredesjare na 1815 meegehelp om die konserwatiewe reaksie te ondermyn, maar dit was politieke gebeurtenisse, die daadwerklike verset van onderdrukte volke, wat die Heilige Alliansie uiteen laat val het. Die idee moet voorberei, maar dis altyd die daad wat in die geskiedenis die deurslag gee.

§ 2. Spaans-Amerika en Griekeland word vry.

In 'n sekere sin is die nuwe vryheid weer in die Nuwe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Wêreld gebore. Tydens die Napoleontiese oorloë, en veral nadat Napoleon sy broer op die troon van Spanje gesit het, het die band tussen die Spaanse kolonies, d.w.s. Meksiko en vrywel die hele Suid-Amerika, met die uitsondering van Brasielië, en die moederland baie los geraak, en na die vrede wou die Spaanse koloniste nie weer onder die ou knegskap terugkeer nie. 'n Reeks van opstande was die gevolg, en veral die groot vryheidsheld, Bolivar, het vanuit Venesuela die oorwinning van die koloniste georganiseer en geïnspireer. Die rewolusionêre bewegings wat gelyktydig in Spanje aan die opvlam was, het die Spaanse koning se hande gebind, en ofskoon die Heilige Alliansie, soos ons gesien het, die verset teen die koninklike absolutisme in Spanje neergeslaan het, was sy kragte nie toereikend om dit ook in Amerika te doen nie. Die verbroederde vorste wou dit werklik probeer, maar één woord van die groot Noord-Amerikaanse republiek was genoeg om hulle af te skrik. Dit was die beroemde verklaring van president Monroe van die Verenigde State, die sogenaamde *Monroe Doctrine* van 1823, wat hierop neerkom: Die Verenigde State laat nie toe dat enige staat van buite af die vry Amerikaanse state lastig val met die doel om hulle te onderwerp of te koloniseer nie, en sal enige ingryping van hierdie aard as 'n onvriendelike daad (d.w.s. as 'n *casus belli)* beskou. Die onafhanklikheid van die Spaanse kolonies is kort hierna ook deur Engeland erken, en aangesien Brasielië ook in hierdie tyd van Portugal losgeraak het, was die hele Amerika, met die uitsondering van Engels-, Hollands- en Frans-Gujana en Kanada, dus nou vry. Dit sou wel nog baie lank duur, voordat die nuwe Amerikaanse state, wat nooit deur die Spanjaarde en Portugese in die moeilike kuns van selfregering ingewy was nie, die regte gebruik van hulle vryheid kon maak, en hulle het die een rewolusie na die ander gehad, maar „al doende leert men,'' en vandag is Argentinië en Brasielië reeds groot en ryk wêreldstate.

Nie alleen die *Monroe Doctrine* nie, maar ook die houding van Engeland daarby was 'n gevoelige slag vir die Heilige Alliansie. Die Britse regering was nooit 'n ondersteuner van die Europese onderdrukkingspolitiek in hierdie tyd nie, en Castlereagh het reeds teen die besluite van Troppou en Laibach geprotesteer, maar sy teenkanting was nie baie beslis nie, want hy was ook 'n verstokte konserwatief. In 1822 verdwyn hy egter deur selfmoord van die toneel, en Canning, sy opvolger as minister van buitelandse sake, was minder reaksionêr of in elk geval nie so 'n groot bewonderaar van Metternich nie. Ook Peel, die nuwe minister van binnelandse sake, was 'n liberaler

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rigting toegedaan, en met die toevoeging van Huskisson in 1823 het die Tory-ministerie, waarvan Liverpool nog altyd die hoof en Wellington ook lid was, baie duidelik 'n nuwe kleur begin kry.

In die tussentyd was daar in Europa 'n vryheidsoorlog aan die gang, wat buitengewone belangstelling gewek het. Gelyktydig met die opstande in Napels en Spanje het die Grieke, wat sedert die verowering van Konstantinopel in 1453, onder die Turkse juk gebuk gegaan het, vir hulle vryheid begin veg. In Metternich se oë was hulle natuurlik rebelle, wat, desnoods deur die Heilige Alliansie, gedwing moes word om hulle aan hulle wettige vors, die sultan, te onderwerp, maar die saak was nie vir almal so eenvoudig nie. Die regerings moes rekening hou met die geesdriftige simpatie wat onder die volke van Europa vir die Grieke opgevlam het, en wat b.v. vir Byron aangevuur het om vir hulle te veg en te sterf. Veral Alexander van Rusland was in 'n baie moeilike posiesie, want as tsaar was hy die tradisionele beskermer van die Griekse kerk. Ook sy onderdane het aan hierdie kerk behoort, en hy sou sy eie kristelike oortuiging geweld aandoen en die godsdienstige gevoel van sy volk geweldig skok, as hy die Mohammedaanse erfvyande van die oostelike kristene help om langer oor die Grieke gesag te voer. Buitendien was dit nie in die politieke belang van Rusland nie, want solank soos die Turke sterk bly sou die Russiese droom om eenmaal Konstantinopel, die sleutel tot die Middellandse see, in besit te kry, nie nader aan sy verwesenliking kon gebring word nie. Alexander het hom dus van Metternich afgewend, en die Heilige Alliansie het in duie geval. Hy is kort hierna dood (1825) en sy opvolger, Nikolaas I, het met Engeland en Frankryk ooreengekom om die Grieke te help. Dit was die hoogste tyd, want die sultan het met die hulp van Mehemet Ali, onderkoning van Egipte en teoreties aan hom ondergeskik, byna daarin geslaag om die Griekse opstand in bloed te verstik; maar 'n Russiese leër het tot in Adrianopel deurgedring, en 'n gekombineerde Frans-Engelse vloot het in 1827 by Navarino die Mohammedaanse seemag verpletter. Die endresultaat was dat die onafhanklikheid van Griekeland in 1830 deur 'n internasionale konferensie in Londen bekragtig is.

In die ou bakermat van die Europese beskawing, Hellas, die land van Leonidas, die eerste Europese vryheidsheld, en in die nuwe kristelike kultuurgebiede na die kant van die ondergaande son, die vrye Amerika, het die vryheid dus getriomfeer;

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011